



# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

J. B. CRICKET LIBRIJCTEK  
STELLENBOSCH  
1984 08-73  
SIRKULEER:  
KLAARJR.



Jaargang L nr. 6

DONDERDAG, 9 AUGUSTUS 1984

## Klaspunt beïnvloed voortaan prestasie

'n STUDENT se klaspunt sal voortaan in alle fakulteite sy prestasiepunt beïnvloed.

Volgens die stelsel wat voorheen deur sommige fakulteite (waaronder Lettere en Wysbegeerte) gebruik is, is 'n klaspunt by die bepaling van 'n prestasiepunt slegs in aanmerking geneem indien dit hoër as die eksamenpunt is.

Voortaan sal die klaspunt deur alle fakulteite in aanmerking geneem word, selfs al is dit laer as die eksamenpunt. Jaarvakke se klas- en eksamenpunte tel in 'n 50 - 50 verhouding, en die van semestervakke in 'n 40 - 60 verhouding.

Dit bring mee dat 'n student met 'n klaspunt van 50 en 'n eksamenpunt van 60 in 'n jaarvak, se prestasiepunt 55 sal wees, en nie 60 soos voorheen nie. Indien die eksamenpunt 50 of hoër is, mag 'n prestasiepunt van laer as 50 egter nie toegeken word nie.

Volgens prof. A.H. van Wyk, voorsteer van die Universiteit se Uitvoerende Komitee, is dit slegs 'n klein verandering, wat aangebring word ter wille van eenvormigheid tussen die fakulteite. Die stelsel sal voortaan eenvormig gebruik word.



## Intervarsity

Intervarsity is weer met ons. Hier klink Geraldine Millns, Stellenbosch se sjampanjenooi, en haar Ikey-eweknie, Lucille Kowen, by voorbaat 'n glasie op die sukses van die Maties en Ikeys eerskomende Saterdag op Nuweland. Mej. Millns is onlangs by die Oude Libertas uit agt finaliste as vanjaar se sjampanjenooi aangeswy.

# Grondwet 'n 'absurditeit' — Buthelezi

"ONS moet die nuwe grondwetlike bedeling sien as 'n absurditeit, want dit is wat dit in werklikheid is." Hierdie stelling is deur die hoofminister van kwaZulu en president van Inkatha, kaptein Gatsha Buthelezi, Maandagaand tydens 'n vergadering van SPOG (Stellenbosse Politieke Ondersoek en Gesprekskomitee) gemaak.

Kaptein Buthelezi het saam met mnr. Mark Swilling van die Universiteit van die Witwatersrand en prof. Bendl van die Stellenbosse Bestuurskool gepraat oor die toekoms van Swart politieke regte in die Nuwe Konstitusionele Bedeling.

Hoewel daar 'n uitnodiging tot die United Democratic Front gerig is om hul kant van die saak te stel, het die UDF die Stellenbosse platform verwerp. Hulle het aangevoer dat hulle die verhoog sou moes deel met sprekers wat die Nuwe Bedeling goedgesind is.

Kaptein Buthelezi het gesê dat hoewel hy min hoop het dat 'n vredesame oplossing vir Suid-Afrika se probleme gevind kan word, hy nog nie alle hoop laat vaar

het nie. Hy verstaan die oorheersende rol wat Blanke vrees (vir Swart oorheersing) in die Suid-Afrikaanse politiek speel. Tog voel hy dat mense van alle kleure 'n "mosaïek van hoop" tot stand kan bring deur hul probleme om 'n tafel op te los.

Volgens die leier van Inkatha is die nuwe Grondwetlike Redeling 'n desperate poging om aan die werklikheid te ontvlug.

Die meerderheid van die Kleurling- en Indiërvvolk sal vroeër of later besef dat die nuwe Driekamer-parlement die land in 'n Libanon-tipe situasie sal dompel waarin daar geen wenner kan wees nie, het kaptein Buthelezi gesê.

Dat Swart politiek een van die brandendste kwessies in die Suid-Afrikaanse politiek gaan word, is volgens dr. Buthelezi onafwendbaar.

"Ek is hier om te bly. Inkatha is hier om te bly".

## Rossouw beklee nuwe pos

TYDENS 'n vergadering van die Universiteitsraad op 22 Junie, is professor H.W. (Hennie) Rossouw verkies tot die nuutgeskepte pos van Vise-rektor (akademie).

Indien 'n vredesame oplossing in Suid-Afrika nagestreef wil word, sal Blankes hul treetjie vir onwillige treejie na magsdeling moet wend. So nie sal groepie soos die UDF Swartes mobiliseer na die 1976-gees, aldus kaptein Buthelezi.

Mnr. Mark Swilling van die Universiteit van die Witwatersrand het die SPOG-vergadering toegespreek oor "die rol van organisasies soos die UDF en AZAPO". Volgens hom is die UDF die eerste organisasie sedert die verbanning van die ANC wat die "Freedom Charter" voorop stel.

Die UDF, wat in 1983 te Mitchell's Plain gestig is, het volgens mnr. Swilling die volgende fundamentele doelstelling:

Die organisasie verwerp die 1983-Grondwet, en wel om die volgende redes:

1. Apartheid is nog steeds verskans daarin.
2. Die Swart meerderheid word deur die Nuwe Bedeling uitgesluit.
3. Die Kleurlinge en Indiërs word as 'n bufferklas inkorporeer.
4. Die Nie-Blanke sal geen werklike mag in die nuwe stelsel hê nie, omdat die Blankes weens die vasgestelde 4:2:1 verhouding altyd die parlement sal oorheers.
5. Plaaslike Swart owerhede se herstukturering sal 'n bespotting maak van Swart plaaslike owerhede.



Eddie, die vrugteverkoper, in kenmerkende houding. Hy is op 26 Mei vanjaar oorlede nadat hy vir 22 jaar vrugte in Victoriastraat aan studente verkoop het. Benewens dit was hy raadgewer, studentevriend en het hy nie geskroom om selfs te filosoferoor studente-kleredrag nie.

## Studente mis Eddie se vrugte

MNR. Ebrahim Hercules, of "Eddie" soos hy op Stellenbosch bekend was, is op 26 Mei vanjaar oorlede. Hy het vir 22 jaar lank vrugte in Victoriastraat aan studente verkoop.

### Rektor

Sou dit beteken dat studente voortaan nie meer op pad klas toe 'n gesonde verstopinkie kan geniet nie, aangesien Administrasie destyds uitdruklik gesê het dat Eddie die enigste persoon is aan wie die munisipaliteit so'n lisensie sal uitreik?

Kort na sy dood het twee van sy kinders die rektor, prof. Mike de Vries, bedank vir sy toegewiflikheid jeans hulle pa. Prof. de Vries het daarop toestemming verleen dat sy vrou, mev. Janap Hercules, wat vroeër haar man help vrugte verkoop het voor die Chemiegebou, sy plek in Victoriastraat mag innem. Volgens mev. Hercules sou die rektor ook probeer om vir een van hulle kinders 'n lisensie te kry sodat dié weer op haar plek voor die Chemiegebou kan gaan staan.

Dit is te betwyfel of mev. Hercules vir volgende jaar haar man se plek in Victori-

straat sal inneem, aangesien hulle Moslems is en 'n eggelike note drie maande en tien dae na haar man se dood so veel as moontlik huis moet bly as teken van eerbed. Tot in September mag sy net as dit noodsaklik is die huis verlaat. Direk daarna sien sy op hierdie stadium nie kans vir die taak nie aangesien vrugte dan op hulle duurste is en moeilik sal verkoop.

Eddie was baie lief vir die studente, veral omdat hulle so eerlik was, maar die gevoel was nie net van sy kant af nie. Die studente het dikwels met hulle probleme na hom gekom en raad kom vra of sommer net met hom kom gesels.

### Kleredrag

Anders as kafees, het Eddie maar min geld gemaak — soms net R15 per week. Gelukkig het die studente hom darem gereeld 'n footjie of twee gegee. Alhoewel hulle volgens Eddie steeds so goedhartig was soos twintig jaar gelede, het hy tog een puntjie van kritiek teen die huidige geslag gehad: Hulle kleredrag was informeel. In sy eerste jaar op Stellenbosch was die studente "gebekleed", maar nou het hulle "jeans" gedra.

Nadat 5 000 studente in 1974 met plakkate teen Administrasie begin betoog het, is Eddie aanvaar as deel van die Universiteit en is hy toegelaat om voort te gaan met sy verkopery. Hy is egter gewaarsku dat hy die enigste persoon sou wees wat só 'n lisensie kon bekom.

Vroeg in Mei 1983 het mev. Corinne Oosthuizen 'n gesprek met hom gevoer wat in *Die Matie* gepubliseer is. Toe het hy gerekon dat hy nog so vier of vyf jaar sou aanhou, afhangende van sy gesondheid.

Hy het hom bekommernoor wat die studente se reaksie sou wees as hy weggaan, en het onder andere kywy geraak, "dit gaan 'n groot ding afgree as ek die dag weggaan... Ek sal maar moet oud word hierso."

usPub

In soverre dit die politieke regte van die stedelike Swarte aangaan.

6. Die hele 1983-Grondwet berus op die sogenaamde Koornhof-wette, wat die Groepsgebiede- en Instromingsbeheer-wette insluit.

Mnr. Swilling het gesê grootskaalse sosiale konflik lyk onafwendbaar. Deur die Swart meerderheid uit te sluit, het die nuwe regime ons volgens hom teruggekeer tot 'n pre-Sokratiese moraliteit van "Mag is reg".

Dat Swart politiek een van die brandendste kwessies in die Suid-Afrikaanse politiek gaan word, is volgens dr. Buthelezi onafwendbaar.

"Ek is hier om te bly. Inkatha is hier om te bly".

## Rossouw beklee nuwe pos

TYDENS 'n vergadering van die Universiteitsraad op 22 Junie, is professor H.W. (Hennie) Rossouw verkies tot die nuutgeskepte pos van Vise-rektor (akademie).

Indien 'n vredesame oplossing in Suid-Afrika nagestreef wil word, sal Blankes hul treetjie vir onwillige treejie na magsdeling moet wend. So nie sal groepie soos die UDF Swartes mobiliseer na die 1976-gees, aldus kaptein Buthelezi.

Mnr. Mark Swilling van die Universiteit van die Witwatersrand het die SPOG-vergadering toegespreek oor "die rol van organisasies soos die UDF en AZAPO". Volgens hom is die UDF die eerste organisasie sedert die verbanning van die ANC wat die "Freedom Charter" voorop stel.


Die UDF, wat in 1983 te Mitchell's Plain gestig is, het volgens mnr. Swilling die volgende fundamentele doelstelling:

Die organisasie verwerp die 1983-Grondwet, en wel om die volgende redes:

1. Apartheid is nog steeds verskans daarin.
2. Die Swart meerderheid word deur die Nuwe Bedeling uitgesluit.
3. Die Kleurlinge en Indiërs word as 'n bufferklas inkorporeer.
4. Die Nie-Blanke sal geen werklike mag in die nuwe stelsel hê nie, omdat die Blankes weens die vasgestelde 4:2:1 verhouding altyd die parlement sal oorheers.
5. Plaaslike Swart owerhede se herstukturering sal 'n bespotting maak van Swart plaaslike owerhede.

Die nuwe Vise-rektor, wat 'n "besondere waardering het vir die intellektuele kwaliteit van studente wat deur die universiteit getrek word", se termyn neem op 1 Januarie 1985 in aanyng.

# GRESSE KONGRESSE KONGRESSE KONG



Mr Steve Tshwete, the UDF Border Region President, addressing the recent Nusas conference.

## ASB

# Beter samewerking met Swartes gevra

**BLOEMFONTEIN** — Op die pas afgelope ASB-kongres was dit duidelik dat skeuring dié liggaam bedreig. Die liggaaam se president, mnr. André Bartlett, het deurgaans sy bes probeer om skeuring te voorkom.

### Verandering

Die openingsrede is gelewer deur die minister van Justisie, mnr. Kobie Coetze. Hy het gesê dat indien die Afrikaner nie die pas van verandering in sy eie lewe kan beheer nie, is hy gedoen tot aanpassingsiektes. Daar moet opgehou word om die heeltyd agtertoe te kyk. Mnr. Coetze het verder beter samewerking met swart leiers t.o.v. verstedeliking gevra.

### Afskaffing

'n Durbanse student het gesê dat die afskaffing van die wette die Groepswoon-gebiedewette in die gedrang sal bring. In Suidwes mag swartmense in Blanke gebiede woon. Daar is Blankees wat hoë mure om hulle huise gebou het, het hy gesê.

Sake is op 'n spits gedryf toe die UOVS-SR-voorsitter gedreig het dat sy universiteit sy ASB-affiliasie sal heroorweeg "as dinge nie regkom nie." 'n Ander Vrystaater het verklaar dat "dit tyd is om vinniger te beweeg. Is die R40 000 wat die kongres kos daai moeite werd?" het hy gevra.

### Eenheid

Mnr. Bartlett het deurgaans die situasie probeer red deur gespreksmosies te reël. Vroeër het hy daarop gewys dat die ASB geen politieke besluitnemingsbevoegdheid het nie. Mnr. Bartlett het gevra dat die ASB eenheid in eie kring moet probeer handhaaf, deur verskeie politieke sienings onder een kombers toe te laat. Hy het gesê dat die

ASB in gesprek moet bly met die leiers van die verskillende faksies, terwyl bitterheid besweer word.

### Gesindheid

Verskeie politieke sprekers het by die kongres opgetree. Dr. Pieter Mulder van die KP het gesê dat as die nuwe grondwet misluk, die Afrikaner se gesindheid tot verandering sal vergaan.

'n Sogenaamde Blanke RSA gaan nog meer van 'n illusie word, het mnr. Peter Gastrow van die PFP gesê in 'n paneelbesprekking by die kongres. Hoe 6 miljoen Blankees 25 miljoen Swartmense gaan hou in 'n ondergeskik-

te posisie, en dit regverdig, is vir hom moeilik om te verstaan. Volgens mnr. Gastrow is dit 'n resep vir geweldadige konflikasie en ekonomiese ineenstorting. Die nuwe grondwet is vir hom 'n koöperatiewe dominasie oor Swartmense. Die Kleurlinge en Indiërs word nou net ingebring, het hy gesê.

Die nuwe ASB-president, mnr. Van Schalkwyk van RAU, was ook ongelukkig oor die politieke geskeurdheid binne ASB-geledere. Hy het opgemerk dat die kongres 'n keerpunt was.

Nuus vir Stellenbosch is dat mnr. Jannie Otto van die ASVS in die nuwe bestuur gekoöpteer is.

## NASRO

# Inter-campus contact pledged

**BLOEMFONTEIN** — NASRO (National Students Radio Organization) held its second annual conference in Bloemfontein from 2–6 July. Most white universities were represented at the conference.

The main aim of the conference was to discuss broadcasting, public relations and inter-campus contact. The conference was opened by the Rector of the University of the Orange Free State, Prof. Wynand Mouton.

The following points were raised and discussed:

1. The possibility of introducing land lines for the purpose of broadcasting to the various residences.
2. It was hoped that there would be more contact between the universities e.g. weekly telephone contact was proposed.
3. Campus concerts. As Stellenbosch had so often failed to provide a venue the chances of this happening again were becoming increasingly unlikely.
4. Videos of rock concerts were to be exchanged between the various universities.
5. It was noted that the same issues were discussed each year yet nothing was done about them.

New bulletins, advertising and the technical aspects of broadcasting were also discussed.

It seems likely that the NASRO conference at the end of the year will be held at Stellenbosch.

## NUSAS

# Alternative path for S.A. examined

**PIETERMARITZBURG** — Peace and friendship was the theme of the NUSAS (National Union of South African Students) conference held in Pietermaritzburg during the first week of July.

### RAU

Two hundred students and various authorities gathered to discuss, debate and learn more about key problem areas of South African society.

An interesting development was that this year, for the first time, a delegation

was formally received from the Rand Afrikaans University, which is not a "NUSAS" campus. No formal delegation was sent from Stellenbosch University.

**NUSAS**  
**NUSAS**  
**NUSAS**

The main aim of the conference was to investigate and learn more about the application of the "Freedom Charter" drawn up in Klipfontein in 1955, the content of which NUSAS regards as a viable and desirable alternative approach to South African society.

The conference was structured around the ten clauses of the "Freedom Charter"; each demand was scrutinized, and delegates were informed of the real situation at present. For example under the clause "The people shall govern!", the role of the United Democratic Front, the function and use of local government, and the forthcoming tricameral elections and the boycotting thereof were investigated and discussed.

Something of particular

importance to the Western Cape was focussed upon under the "There shall be houses, security and comfort" clause; this was the topic of resettlement.

Discussion was centred around a number of case studies. For example conditions in Khayelitsha were revealed: how most houses were built on swamp land with the result that furniture has to be placed on bricks as the floor is often moist or under water.

### Khayelitsha

Amenities are sparse; there is no electricity or running water, and community facilities are minimal. It is sandy, desolate and windswept. For most people a forced move to Khayelitsha means increased transport costs, and increased travelling time.

Note was taken of the United Democratic Front's mobilization campaign in which each community makes demands. In Crossroads the rejection of Khayelitsha was a priority demand, and in a blitz campaign ten thousand supportive signatures were gained in one afternoon.

One of the aims of the conference was in part to promote knowledge of situations such as these.

One of the highlights of the conference was a panel consisting of people who had been directly involved in drawing up the "Freedom Charter" in 1955. The panel consisted of Billy Meyer, Koenig Ndlovu, Liz Abrahams, Helen Joseph and Steve Tshwete.

They explained the origins and the context of the "Freedom Charter", as well as its relevance today. The charter was a condensation of the demands of thousands of people, according to Kate Philips, president of NUSAS.

The NUSAS conference was largely educational and sought to bring real problems facing South Africa under discussion. The cred-



Ms Helen Joseph.

ability of the "Freedom Charter" was tested, and its renewed importance established.

## ASPU

# Pers se nuwe rol beklemtoon

**JOHANNESBURG** — Die pers het groter verantwoordelikheid in die nuwe politieke bedeling en sal 'n nuwe mediastyl moet ontwikkel wat hydra tot die nuwe konsensus-politiek.

### Mediastyl

Die nuwe era in politieke styl verg 'n mediastyl wat aspireer om geleenthede vir ooreenstemming en gemeenskaplike "menslike behoeftes, begeertes en vrees".

Dit is die boodskap van mnr. Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, wat die Afrikaanse Studentepersonele (ASPU) verlede week by die Rande Afrikaanse Universiteit toegespreek het.

### Bemiddelaar

Op die jaarlike konferensie van die ASPU het mnr. Heunis aangevuld dat die konsensusproses as politieke geveg" het mnr. Heunis gesê.



mense met gemeenskaplike "menslike behoeftes, begeertes en vrees".

Die huidige grondwetlike bedeling gee daar toe aanleiding dat 'n tipe van etniese politieke mededinging bedryf word, wat eerder aanstoot gee as om konsensus te bewerkstellig.

### Antipatie

Die pers se rol lê daarin

dat konflik tussen politieke groepe nie bloot as die "beste" nuus gesien moet word nie, maar as 'n negatieve invloed wat antipatie verskerp. Die nuwe politieke era wat ons binnekreef behoort eerder beskou (en beskryf) te word as 'n unieke geleentheid tot gesprek waaroor almal dieselfde voordele kan trek. Etniese mededinging moet plek maak vir gemeenskaplike samewerking.

### Knelpunte

"Onder hierdie omstandighede moet die pers ook aanpas sodat hy kan bydra daar toe, en dit beteken dat meer klem gelê moet word op gemeenskaplike deelname as konflik, en op konsensusproses as politieke geveg" het mnr. Heunis gesê.

Die funksionaliteit van konflik moet ook nie bloot ignoreer word nie, aangesien knelpunte uitgelig moet word ten einde oplossings daarvoor te vind. Die verantwoordelikheid van die pers lê daarin dat konflik aan hand van geleentheid tot konsensus beskryf moet word.

# GRESSES CONGRESSES CONGRESSES CON

# Eendrag pittig met nuwe telefone

DEESDAE is dit nie net mense en diere wat name kry nie, maar ook telefone. Eendrag het op 'n onlangse huisvergadering besluit om voort

te gaan met hul ou tradisie van name vir hulle telefone.

'n Paar jaar gelede het Eendrag in 'n penarie gesit met hulle telefone wat almal

langs mekaar geïnstalleer is. Behalwe dat die Eerstejaars wat op telefoon diens was gesukkel het om tussen die lui van die telefone te onder-

skei, het sekere seniors ook in ongemaklike situasies beland deur in die verwarring met verkeerde personeel oor die verkeerde onderwerpe te gesels.

Op 'n huisvergadering het mn. Bennie Mostert toe voorgestel dat die telefone gedoopt moet word om die verwarring uit te skakel. Heelgepas is daar toe besluit op die name "Bennie", "Mos" en "Tert".

Intussen het Eendrag weer eens 'n kommunikasie probleem ondervind. Een van die Huiskomiteelede, mn. Pieter Kloppers, is aangestel as die leier van Projek Nuwe Telefone. Aan die begin van die jaar is twee nuwe telefone geïnstalleer en volgens Eendragters is dit 'n groot verbetering.

Tydens 'n onlangse huisvergadering het mn. Michael Schrönen voorgestel dat die twee nuwe telefone ook gedoopt moet word. Drie voorstelle is gemaak waarna daar eenparig besluit is op die name deur mn. Martin Moore voorgestel, naamlik "Stuk", en "Kend".

Die Huis beskou hierdie benaming as baie gepas, aangesien die nuwe telekomunikasie-apparaat meer buite- as in orde is.

## Sosiale Kalender Sosiale

### De Akker

Die boonste vlak word fans aan die brand gespeel deur Sweat Band, wat na 'n lang afwesigheid weer met ons is. Die Ladies' Bar is nog steeds oop en almal is baie welkom.

behoort in almal se smaak te val. Dansbare musiek word ook deur 'n verskeidenheid orkeste verskaf.

### Die Gat

Die gewone sokkies wat elke naweek hier gehou word sal in elke gewone student se smaak val.

### Devon Valley

Vir onrustige siele op soek na rustigheid is hierdie aangevende plek. Die stoep met sy skilderagtige uitsig is ook sterk aan te bevele vir rustige ontspanning op mooi-weersdae.

### Al Capone's

Hier is dit volgens gereelde besoekers glad nie so gevaelik as wat die klink nie. 'n Moet vir almal wat wil gaan litte losmaak in die op-en-wakker "Riff Raff"-tradisie.

### Drie Gewels

Vir die avontuurlustiges bied

hierdie dansplek die regte afdeling. Elke naweeksaand kan hier na hartelus baljaar word tot laat.

Almal wat daarin belangstel om Volkspiele te speel kan Annabie Lombard in Huis ten Bosch kontak.

Gewilde en redelik billike restaurante is **Bobby McGee's**, **Pizzeria**, **Barry's** en natuurlik die **Midnite Grill**.

**Makadas** (in die Uniepark kompleks) is 'n braairestaurant met 'n rustige atmosfeer waar 'n drie gangmaal vir minder as ongeveer R 10,00 per kop geëet kan word.

**Doornbosch**, **Die Volkskombuis** en **De Kelder** bied ontspanning in 'n effe meer deftige, maar gemaklike atmosfeer aan. Die prys is ook nie verregaande duur nie en 'n ete by dié plekke is gewoonlik die prys weert.



MNR. Konrad Laker by "Stuk".

"Ek's deur... maar die bank is toe!"

"Maar ons kan gaan vier."

## WEES JOU EIE BANKIER. ENIGE TYD.

Demp toe bankdeure jou geesdrif? Met 'n Bankmankaart kan jy nou 24 uur per dag, 7 dae per week, kitskontant by die Bankman automatiese tellermasjien in Neelsie se deurloop kry.



Kry jou gerieflike Bankmankaart nou by André Markgraaff, tel. 71020 of besoek hom by die Bankman-kantoor, Andringastraat 73, Stellenbosch. En wie moet jy bedank? Boland, Boland Bank.

**BOLAND BANK**

**Bankman**

24 UUR BANK

BOLAND BANK BEPERK. GEREIGSTEREERDE ALGEMENE BANK.



Karin Strydom (agter) by Barry Ronge, Marietjie Botha, Elrina van der Spuy, Lillibet van Wyk en Anneke van Niekerk, sprekers by die Damesbelangkonferensie wat op 28 Julie gehou is.

## Films skep negatiewe beeld van die vrou

FILMS beeld vroue vandag nog as ondergeskik uit. Hulle is net daar "om mooi klere te dra en dit ewe mooi uit te trek", sê mnr. Barry Ronge, filmkenner en self 'n TV-persoonlikheid.

Flikgangers word blootgestel aan 'n negatiewe beeld van die vrou. Sy word of voorgestel as 'n maagdelike

karakter, wat teen die einde met die held trou, of as 'n slechte vrou, wat later grusmaan sterf.

Sterk, onafhanklike karaktere word soms geskep, maar wat gebeur teen die einde? Sestig minute lank word sy toegelaat om haarself te laat geld, maar in die laaste halfuur "betaal sy daar-

voor", sê hy.

Mnr. Ronge, senior redaktsielid van *Fair Lady*, het by die konferensie "Ek... die objek?" gepraat oor die uitbeelding van die vrou op die silwerdoek.

### Fyn kyk

'n Mens moet soms fyn kyk om dié negatiewe beeld raak te sien, sê hy. In *The Sound of Music*, een van die gewildste films van die jare sestig, speel Julie Andrews as die mooi non Maria die hoofrol. Sy word die bekwaame oppasster van 'n ryk weewenaar se kinders, sy voed hulle op, sy trou met die pa, en sy red hulle van die Nazis.

Die film eindig waar die hele gesin besig is om te ontsnap — pa vooraan, die kinders in die middel en Maria heel agter, besig om die tasse te dra!

Die situasie lyk vandag nie veel beter nie, sê hy. Kyk na 'n sterk karakter soos Meryl Streep in *Kramer vs. Kramer* bly sy alleen agter, en in *Sophie's Choice* en *Silkwood* gaan nie 'n sosiale klub wees nie.

sitter van 1922.

Die klub word gestig om die universiteit op verskillende gebiede behulpsaam te wees, het mnr. Esterhuyse gesê. Onder die oud-SR-voorsitters is sakemanne, politici, regsegeleerde, doense en teoloë. Hulle sal deur die Rektor ingelig en geraadpleeg word oor probleme rakende die US. Hierdie eksklusiewe klub gaan nie 'n sosiale klub wees nie.

Die program van die stittingsdag sluit onder andere 'n kort besoek aan die nuwe biblioteek en 'n dinneer in, waar die President van die Konvokasie, prof. G.G. Cillie en die Rektor, prof. M.J. de Vries, as eregaste sal optree.

### Ironies

Vroue se fisiese aantreklikheid word gebruik om films te adverteer. Hulle word voorgestel as "glansende filmwesens", maar ironies genoeg "het vroue baie min

te sê oor wat in films gebeur".

Ongeveer vyf persent van die draaiboekskrywers is vroue en vyf tot tien persent is produksieleiers. Geen enkele vrou is 'n regisseur nie en hulle is die mense wat regtig die besluite neem.

Dat vroue "n knyp hier of 'n vryf daar" geniet omdat dit wys dat hulle aantreklik is, is 'n mite, sê sy.

Navorsing het ook gevys

dat mans dit as "onskuldige pret op kantoor" beskou of verwag dat vroue dit moet kan hanteer.

Dit is nie waar dat mans

**Sokratiese Vereniging  
Algemene Jaarvergadering  
Dinsdag 14 Aug. 19h00  
De Akker (Kaas en Wyn!)**

Waarskynlik is die vroulike Steven Spielbergs? vra hy. In ander beroepe, selfs in die politiek, staan vroue hul piek vol, maar om die een of ander rede is 99 persent van die mense in die filmbedryf steeds mans.

### Gelykwaardig

Mnr. Ronge skryf dit deels toe aan die negatiewe beeld wat op die silwerdoek van die vrou geskryf word. Films "praat met gesag", sê hy. Miljoene mense word daardeur bereik. Dit reik oor alle grense: taal, nasionaliteit, ouderdom en geslag.

Tensy vroue op die silwerdoek as gelykwaardig uitgebeeld word, sal hulle nooit in die samelewing as gelykwaardig aanvaar word nie.

## 'EK... DIE OBJEK':

# Knyp en vryf nie só welkom

VOEL jy gevlei as die "bird-watchers" voor sommige manskoshuise jou 'n punt uit tien gee, of beskou jy dit as seksuele viktimisasie? het me. Elrina van der Spuy, 'n Stellenbosch dosent in die sosiologie, onlangs gevra.

Dit is en nat T-hemp-kompetisies is nie onskuldige studentepret nie. Soos verkrating is dit voorbeeld van seksuele viktimisasie waardoor die vrou afgabreek word tot 'n seksuele objek.

altyd die daders en vroue die slagoffers van seksuele viktimisasie is nie. Mense dink so omdat biologiese verskilte so beklemtoon word in die samelewing.

Mans word van kleins af geleer om nie te huil nie, om manlik te wees en hulle goed te kwalifiseer. Vroue word geleer om sagmoedig, vroulik en liefdevol te wees, en om aandag aan hul voor-

Omdat mans en vroue deur die samelewing in sekere erkende rolle ingedwing word, is dit vir die vrou moeilik om op gelyke basis met die man mee te ding. Sy word steeds gemeet aan haar fisiese aantreklikheid eerder as intellek of vermoeëns. Só word die beeld van die vrou as seksuele objek elke keer versterk. Vroue moet sensitief gemaak word vir dié vorme van diskriminasie. Konferensies soos dié kan dit kweek, sê sy.


### 'Superkoel'

In besprekingstyd het mnr. Le Roux van der Westhuizen gesê dit is nie net vroue wat seksueel geviktimiseer word nie. As 'n vrou se bloese net so ver oopgeknop is dat dit die aandag trek, word die man geviktimiseer.

'n Sekere beeld word ook van mans geskep, sê hy. Hulle word geleer om "superkoel en ystersterk" te wees. Seksuele viktimisasie is eerder 'n verskynsel van die samelewing as uitbuiting van die vrou, sê hy.

### Feminisme

Mnr. Derick de Villiers, wat homself voorgestel het as "voorsitter van Stellenbosch se 'Bird-watcher'-vereniging", het gesê Stellenbosch se meisies moet nie meteens blootgestel word aan feminismie nie. Dit sal hulle gevaarlik maak vir die samelewing.



### Mite

Me. Van der Spuy was een van vyf sprekers tydens die Damesbelangkomitee se konferensie. "Ek... die objek?" op Saterdag 28 Julie. Sowat tachtig studente, onder wie 'n hele paar mans, het die konferensie bygewoon.

Dat vroue "n knyp hier of 'n vryf daar" geniet omdat dit wys dat hulle aantreklik is, is 'n mite, sê sy.

Navorsing het ook gevys dat mans dit as "onskuldige pret op kantoor" beskou of verwag dat vroue dit moet kan hanteer.

Dit is nie waar dat mans

kom te gee, selfs ten koste van intellekuele ontwikkeling en persoonlikheid.

Kyk maar na die name van reukweerdeurs, sê sy. Vir mans is daar Brut, Ego en Status; vir vroue Intimate, Je T'aime en Shield. Daar moet wegbeweeg word van die klem op seksualiteit in die verskynsel van seksuele viktimisasie. Mans verkrug nie uit welwill nadat hulle deur 'n tydskrif met naakkfoto's geblaai het nie. Viktimisasie is die uiting van agressie.

## Maatskappy bied werkgeleenthede

DIE ondernomeerde maatskappy en organisasies besoek die kampus vanjaar weer met die oog op werwing van finalejaarstudente, op die datums soos voorlopig aangedui.

Onderhoude met verteen-


woordigers van maatskappy kan by die Buro vir Studentevoortrekking en in sommige gevalle ook by die Ingenieursgebou gevoer word. Die Buro vir Studentevoortrekking kan geraadpleeg word vir verdere inligting aangaande die besoekende maatskappy. Nie-finalejaarstudente is ook welkom om met die betrokke persone te gesels oor die moontlikheid van 'n toekomstige loopbaan.

### Datum Organisasie/Maatskappy

9 Aug.	Yskor Beperk
	Firestone Ltd.
10 Aug.	Barclays National Bank Ltd.
	Instituut vir Koste en Bestuursrekenmeesters
	Standard Bank
	SAPREF
	Shell
13 Aug.	Volkswagen S.A. Pty Ltd.
13/14 Aug.	Ou Mutual
14 Aug.	Uraanverrykingskorporasie
15 Aug.	Kentron
15/16 Aug.	Randwaterraad
	SWAUK
16 Aug.	Hewlett Packard S.A. (Pty) Ltd.
17 Aug.	Santambank Bpk
20 Aug.	Infoplan
	Ford Motor Maatskappy
	Rand Mines Ltd.
20-24 Aug.	EVKOM
21 Aug.	Departement van Pos- en Telekommunikasiewese
	Siemens Ltd./Bpk.
	Elektrisiteitsvoorsieningskommissie
22 Aug.	Swiegers, Smith, Hoek en Wieshahn

### Studierigting

B.Sc.; B.Comm.; B.Ing.
B.Sc.; B.Comm./B.A.
Handel
B.Comm.; B.Sc.; B.Econ.
Handel
Ingenieurswese
B.Comm.; E.Econ.; B.Ing.; Rekenaarwetenskap, B.A.
B.Comm.; B.Sc.
B.Sc.; Ingenieurswese
Ingenieurswese
B.Ing.; B.Comm.; B.Econ.
B.A. Tale; Joernalistiek; Ingenieurswese
Natuur-, handels-, rekenaarwetenskap; Ingenieurswese
Handel, Wiskunde, Rekenaarwetenskap
B.Comm./B.Sc.
B.A.; B.Comm.; B.Ing.
B.A.; B.Comm.; B.Rek.; Ingenieurswese
Ingenieurswese
Ingenieurswese, Ekonomiese wetenskappe
Handel; Ingenieurswese
Ingenieurswese, Handel en Wetenskap
B.Rekeningkunde



### DIE GEHEIM TOT GOEIE SKRYFWERK IS REDIGERING; MET 'n KAYPRO WORDVERWERKER KAN JY OORTOLLINE WOORDE VERWYDER SONDER DIE LAS VAN OORTIK.

## KAYPRO

U Draagbare Woordverwerker

R1 997 (AVB uitgesl.) met programme en dokumentasie soos volg:

- WORDSTAR (vir woordverwerking)
- MAILMERGE (vir veelvoudige brieve)
- THE WORD PLUS ('n woordeboek vir spelling van 50 000 woorde)
- DATASTAR ('n gegewensweginstrument)
- SUPERSORT ('n sorteer/saamvoegprogram)
- CALCSTAR ('n spirevelprogram)
- PROFITPLAN (voorspellings-prognoses)
- M-BASIC (vir programmeer)
- CP/M (die mees algemeen gebruikte bedryfstelsel)
- 12 spelletjies

Skakel Doug Long in Kaapstad (021-216450) of na ure (021-741594)

Swiegers, Smith, Hoek en Wieshahn

# Ikeys skryf tweede beste

POTCHEFSTROOM — Die Universiteit van Kaapstad het die gesamentlike tweedepryswenners van 'n landwye opstelwedstryd opgelewer, wat met die oog op die vierjaarlikse Calvynnavorsingskongres van stapel gestuur is.

Mnr. Robin McPetersen en Steve de Crochy, albei MA studente, het die tweedeprys gedeel vir 'n opstel oor die onderwerp "Die leer van Calvyn". Die wedstryd is uitgeskryf a deel van die 47ste geboortedagherdenking van Calvyn.



Soldier or student — which first?

# Military service is a stimulant

PRETORIA — Students who have worked or completed military service before beginning studies do better academically.

## Mature

They seem more mature, disciplined, responsible and confident and seem to be more motivated, a study by the bureau for teaching development at Pretoria Technikon has revealed.

And both a technikon study and a study by the

Rand Afrikaans University show that students who have completed military service have better reasoning ability and visual perception.

"Students with no experience are still under the influence of their parents and their behaviour accords with accepted norms of society."

Reasons given by students for completing military service before studying were that they wanted to become more independent and adult or that they were uncertain about future plans.

## Uncertain

On completing the study Mrs Burger recommended that if a person was uncertain about the future it was often better to do military service first.

However, advantages to study first include possible faster rank in the army and the chance to use what has been studied during military service.

# Tassenberg



Leef die Tassenberg-lewe



# Kovsie ontvang hoë dekorasie

BLOEMFONTEIN — 'n Kovsiestudent wat in doodsgevaarlike omstandighede sy vader beskerm het en self gewond is, deur 'n aanval van ontsnapte gevangeenes te weer, het verlede week die hoogste dekorasie vir dapperheid wat aan 'n Suid-Afrikaanse burgerlike toegeken kan word ontvang.

## Woltemade

Mnr. Dirk Uys Bester het op Donderdag 2 Augustus in die Callie Human-sentrum by die Vrystaatse Universiteit die gesogte Woltemadedekorasie vir dapperheid (goud) ontvang van die Staatspresident, mnr. Marais Viljoen. Dit is die eerste keer dat die dekorasie in goud toegeken word, en hy is slegs die sewende ontvanger daarvan.

Die twintigjarige mnr. Bester, wat toe sestien was, het die betrokke aand omstreeks tienuur saam met sy ouers en jonger broer op die plaat Die Kron by Cedarville, Natal, televisie gekyk toe vier ontsnapte bandiete die sitkamer binnegestorm het.

## Vuurwapens

Die gevangeenes het mnr. Dirk Bester se vader, mnr. S.M. Bester, wat op pad na die deur was voorgekeer, hul vuurwapens op die gesinslede gerig en sekere bevele gegee.

Mnr. Bester snr. het in 'n

geveg met een van die gevangeenes betrokke geraak en van die ander ontsnaptes het geskreef dat hulle hom moes skiet.

## Skote

Mnr. Dirk Bester het besef dat hulle sy vader gaan skiet, en het met een van die rusbank se kussings op die gevangeenes afgestorm tussen hulle en sy vader in.

Verskeie skote is gevuur terwyl mnr. Dirk Bester een van die gevangeenes met die kussing teen 'n kas vasgedruk en later na die agterdeur gestap het. Hy is in die regterarmholte gewond en is die vloer geslinger.

Daarna het die gevangeenes gevlug.

## Gestoel

'n Gevangene het egter skielik uit die kombuis verskyn en in die gang met mnr. Bester gestoei. Hoewel gewond, het Dirk opgespring, die gevangeene van agter vasgegrap en hom van sy vader afgetrek. Mnr. Bester het intussen 'n vuurwapen gekry en die gevangeene doodgeskipt.

Volgens die persverklaring van die Kantoer Van die Eerste Minister is die dekorasie aan mnr. Bester toegeken vir "die uitnemende dapperheid wat hy in uitste lewensgevaar, sonder inagneming van sy eie veiligheid, op 5 Oktober 1980 aan die ag gelê het."

# 1984 Enrolment drops at UCT

CAPE TOWN — Student numbers at the University of Cape Town have dropped by two per cent this year.

According to Mr Philip van der Merwe, information officer at UCT, this is due to strict admission limits which have been applied since a 1979 policy decision to curb growth.

There are 11 900 students registered this year, and only about 2 400 of more than 7 000 applicants gained first-year places this year.

The biggest drop in registration is in the faculty of commerce, which excludes the MBA programme.

Concentrating on academic quality rather than quantity, the university was also increasing the proportion of post-graduate students, Mr van der Merwe said.

Post-graduates now make up 20,6 per cent of the student body as opposed to 19,5 per cent last year and only 16,9 per cent in 1981.

The proportion of women students continues to grow and is now 38,6 per cent as against 36,6 per cent in 1981.

The proportion of black students increased by 0,9 per cent over the last year, which confirms the trend of an increase of about one per cent a year since 1978.

While required by law to keep statistics of students' racial classifications, the university did not discriminate between students of different racial groups or sexes, Mr van der Merwe said.

# Ikeys drink weer vinnig

DIE jaarlike "boat races" tussen die Maties en die Ikeys wat die tradisionele Intervarsity voorafgaan was vanjaar weer 'n groot sukses. Die kompetisie is in die Ou Stal gehou onder die wakende oë van beide universiteite se Intervarsity-komitees.


'n Kenmerk van vanjaar se kompetisie was die groot opkomste en die goeie gees waarin daar weggedoen is met verskeie liter bier.

Alhoewel die Ikeys weer eens die stryd teen die boep-pens-bruinglas-kortnek-kérelties gewen het, was die Maties waardige teenstanders en veral die eerste span het respek afgedwing met hulle leegmaakpoging en goeie sportmanskap.

Die volledige uitslae is as volg: (Maties word deur-gaans eerste genoem)

Vyfde span	35,40 sekondes	40,44 sek.
Vierde span	45,03 sek.	32,96 sek.
Derde span	29,7 sek.	27,76 sek.
Tweede span	32,80 sek.	30,88 sek.
Eerste span	22,60 sek.	21,49 sek.

Die Maties se meisiespan het met 'n tyd van 39,71 sek. teen Ikeys se 27,39 sek. verloot.



Die Sing Song-skare in aksie.

## Sjampanjenooi-tradisie luisterryk voortgesit met swierige kroning

SO eg soos die Laan en TV-braais in koshuise, is die studentetradisie van 'n Sjampanjenooi tydens Intervarsity. En selfs op kampusse soos Wits, waar feministe dit reeds reggekry het om "cattle parades" afgestel te kry, het hulle steeds hulle "champagne queen".

aand by Oude Libertas plaas gevind waar Geraldine Millns as wenner aangewys is.

Sy is 'n eerstejaar BA Beeldende Kunste-student en bly in Serruria. Sy sal die eer hê om voor die duisende toeskouers die gebruiklike glasie vonkelwyn op die veld te dra wanneer die dirigente 'n Intervarsity-heildronk instel. Sy het ook 'n klerebewys gewen, en daar is aan elke finalis 'n silwerhangertjie deur die borge geskenk.

Verteenwoordigers van 5th Avenue Cold Duck, Tas-senberg en die Intervarsity-komitee het as beoordeelaars opgetree. 5th Avenue Cold Duck het ook die sjampanjenooi-kompetisie geborg.

DIS nie altyd dat 'n skoonma en skoonseun 'n span vorm nie. Dis nog seldsamer dat hulle 'n goeie span vorm. Ons Plek is 'n uitsondering. Jeff Melim en sy skoonma

## SING SONGS

# Intervarsity - gees spook onkeerbaar

DIS Intervarsity en dis Sing Songtyd. Hierdie Intervarsity teen Ikeys beloof om voriges ver te oortref, veral as mens elke aand na die opgewondenheid in Die Gat kyk wanneer die Maties hulle stemme slaggerig kry vir Saterdag.

Die Intervarsitykomitee onder leiding van Nico Wilkens (voorsitter) en Helmut Pool (konvenor) het gesorg dat almal wat aan Intervarsity wil deelneem nooit dié ervaring sal vergeet nie.

Die orkes wat die musiek met Sing Songs op Saterdag sal verskaf, het reeds gesorg dat die Maties heel-wat gees gevang het. As hulle met treffers soos 'I wanna break free' wegval kan geen normale voet of lyf stilset nie. 'n Mens hoef net in die omgiving van Neelsie, byvoorbeeld die bib te wees, om te hoor watter invloed sulke musiek op Maties het. Dis nou te sê as mens so dom is

om nie te weet dat jy eintlik in die Gat by Sing Songs hoort nie.

Die eerste paar aande was dit nodig om gaskunstenaars



goeie vermaak met sy toep kunsies.

Aanvanklik was die Maties maar traag, maar dit het net 'n paar ou hande soos dié van Klasie Dijkstra en die ander dirigente geneem om hulle aan die sing te laat vang.

Mense wat op die Sing Song-pawiljoen gaan sit, sal nie net alleen op die Spoorwegpawiljoen kaartjies vir slegs R4,00 kry nie, maar die prys sal ook 'n oulike T-hemp insluit asook die tradisionele cheese-cutter.

Behalwe die T-hemp is daar ook 'n sweater teen R15,00 beskikbaar by die Sing Songs.

Die Groot Brag vind van-aand om 19h30 in die D.F. Malan-gedenksentrum plaas. Johan Rademan, voorheen SR-lid op Stellenbosch, sal sorg dat die Maties genoeg gees vang om Ikeys reeds by voorbaat die skrik op die lyf te jaag.

## Debs toon wins

DIE jaarlike Debutante-Bal is vanjaar op Vrydag 3 Augustus by die Mount Nelson-hotel gehou.

Daar word bereken dat ongeveer negentig paartjies dié grootse geleentheid by gewoon het. Die uitvoerende komitee van die Karnaval-komitee was ook in volle sterke teenwoordig.

Die uitsonderlike wenner was me. Elizabeth Strydom wat R3 395,00 ingesamel het. Haar prys is 'n splinternuwe Ford Escort. Die tweede prys het gegaan aan me. Karin Breughem wat R3 000,00 ingesamel het. Haar prys is 'n gratis reis oor see.

Mnr. Antonie Nel, 'n lid van die Karnaval-komitee, kon tereg opmerk dat dit 'n "bul van 'n partytjie" was.



Elizabeth Strydom is onlangs by die Debutante-Bal in die Mount Nelson-hotel aangewys as die Debutante van die Jaar.

## Nuwe eienaar by Ons Plek

Betty Powdrell, is die nuwe eienaars en bestuur van die wegneemete-kafeet.

### Lasagne

Jeff Melim is 'n Portugees uit Kaapstad en het onlangs die kafeet oorgeneem by die vorige eienaars, Michael, wat Stellenbosch aan die bredewereld bekendgestel het. Hy is vol entoesiasme. Van die nuwigheide wat hy beplan is lasagne, cottage pie, appeltart en nog ander vervaarsings.

### Sjokolade

Die sjokoladereeks wil mnr. Melim ook uitbrei. Die briesies en ander wegneemetes en versnaperinge is steeds beskikbaar. Die van u wat nog nie Ons Plek se briesies probeer het nie, sal nooit spreekwoordelike vleispoete hê om na te verlang nie; dis aan te beveel!



MNR. JEFF MELIM en sy skoonma me. Betty Powdrell, nuwe eienaars van Ons Plek.

## Sendingweek

SENDINGWEEK vind vanjaar vanaf 12 tot 19 Augustus plaas.

Die hoofspreekster is Prof. Willie Jonker en die tema vanjaar is Versoening: Ons is tot vrede geroep.

Die program is as volg: 12 Augustus: Versoening beteken vrede.

13 Augustus: Versoening eis vernuwing.

14 Augustus: Versoening bestaan in aanvaarding.

15 Augustus: Versoening is onmoontlik sonder geregtigheid.

16 Augustus: Versoening kom tot stand deur vergiffenis.

17 Augustus: Versoening word sigbaar in gemeenskap.

Programme van Sendingweek is in die Neelsie beskikbaar.

# GO FOR IT MATIES!



### Regslui vir Menseregte

REGSLUI vir Menseregte se program vir die derde kwartaal is as volg:

**Donderdag, 16 Augustus:** Besprekking. Die Reg, Armoede en Ontwikkeling: Verslag van die werkgroep by die tweede Carnegie-onderzoek

— Dr. Hugh Corder Ou Hoofgebou om 13h00

**Donderdag, 9 Augustus:** Bendelewe in die Kaapse Skiereiland. Gasspreker mnr. Wilfried Scharf, Instituut vir Kriminologie, UK

Ou Hoofgebou 19h30

**Saterdag, 25 Augustus:** Administratiefreg-seminarie Ou Hoofgebou 09h00

**Dinsdag, 6 September:** Algemene Jaarvergadering, Studenteseminarie, De Akker 19h30

Enige navrae kan gerig word aan Dr. H. Corder by die Ou Hoofgebou.

### Behoeftes

Jeff Melim sê dat hy baie graag klages aanhoor en wenke is net so welkom. Hy wil studente aanmoedig om van hulle behoeftes te laat hoor. Hy sal probeer om daaraan uitvoering te gee. Die sake-ure sal vir eers



Om te sing of om te dans. Majuba se H.K. het hul huisdans gereel vir 24 Augustus. 'n Tikfout in die *Matiedagboek* het egter amper veroorsaak dat hulle hul deposito op 'n saal sou verbeur het.

## Majuba se huisdans tokkel 'n vals noot

STUDENTE in Majuba is ontvrede weens verkeerde inligting oor die datum van die Sangfees in die *Matiedagboek* wat hulle amper hul huisdans gekos het.

Die *Dagboek* dui aan dat Sangfees van 29 tot 31 Augustus duur terwyl dit in werklikheid 'n week vroeër plaasvind.

Volgens mnr. Gustav Rhode, Majuba se HK-lid vir Karnaval en Sangfees, het die HK op hul beplanningskamp aan die einde van verlede jaar 'n datum vir hul huisdans bepaal. Na raadpleging van die *Matiedagboek* het hulle besluit dat 24 Augustus die beste datum sou wees.

Mnr. Rhode het aan *Die Matie* gesê dat hy eers op 28 Julie daarvan verwittig is dat die einde van die Sangfees op dieselfde dag as hul huisdans sou val. Teen hierdie tyd was die saal reeds bespreek en was die R100

deposito daarvoor reeds aan die Van der Stel-Sportklub betaal.

Die gelyk asof Majuba hul dans sou moes kanselleer, maar gelukkig kon hulle die datum na 1 September aanskuif.

### Deposit

Mnr. Hugo Lambrechts, HK-lid vir Sosialia by Majuba, is nie so gelukkig nie. "As dit nie was dat ons bloot per geluk die saal vir 1 September kon kry nie, het ons ons R100 deposito verloor, om nie te praat van die ongerief wat dit vir die studente en hul meisies sou veroorsaak nie."

Me. Annetjie Oosthuysen, SR-lid vir Kultuur en verantwoordelik vir die reël van die Sangfees, het aan *Die Matie* gesê dat sy op 'n SR-vergadering vroeër hierdie jaar die korrekte datum aan-

gekondig het. Volgens haar het die sekretaresse van die Kultuurkomitee vroeër vanjaar 'n brief, waarin die korrekte datum gegee is, aan HK-lede geskryf. Volgens haar was daar egter "probleme met die pos" wat miskien kon veroorsaak het dat van die brieue nie ontvangoing is nie.

### Drukkersduiwel

Die Sekretaresse van die Kultuurkomitee het volgens me. Oosthuysen sedertdien bedank om gesondheidsredes, en was nie vir kommentaar beskikbaar nie.

"Ons kan verder net sê dat ons ongelukkig voel oor die probleem," het sy gesê.

Me. Annetjie Oosthuysen, SR-lid vir Publikasies, het gesê dat dit "maar die drukkersduiwel is wat weer toeslaan het" en dat sy "jammer" was oor die ongerief wat veroorsaak is.

NADAT verskeie verenigingsgekla het dat hul voorreg om kampuskennisgewingborde te gebruik in gedrang is, omdat mense die borde na willekeur gebruik, is nuwe bepaling ten opsigte van kennisgewingborde deur die Verenigingskomitee opgestel. Hierdie bepaling is vanaf die begin van die tweede semester in werking en sien as volg daar uit:

1. Alle ampelik erkende en voorlopig erkende verenigings van die Studenteraad moet hulle kennisgewings daagliks voor 13h30 ingee by die SR-kantoor.

2. Individue en studente wat persoonlik kennisgewings wil opsit, moet dit ook voor 13h30 ingee by die SR-kantoor.

3. Enige persoon wat 'n kennisgewing bring om gestempel te word, moet dit aanteken in 'n spesifieke boek gemerk "kennisgewings".

### Vereistes

4. Slegs 'n SR-lid of 'n Verenigingskomiteelid mag 'n kennisgewing stempel en daarmee saam moet die betrokke persoon by die stempel parafeer. Verder moet hy ook in die "Kennisgewing"-boek parafeer dat hy die betrokke kennisgewing goedkeur het. Hy moet ook verseker dat die datum vir die verwydering van die kennisgewing saam met die stempel aangebring word.

5. Alle verenigings en individue wat kennisgewings ingegee het om gestempel te word, kan dit vanaf 14h00 daagliks afhaal.

6. Alle stempels sal deur die SR-beampte agter slot en grensel bewaar word.

7. Die vereiste en opsigte van kennisgewings is as volg: a) dit moet hoogstens A3-grootte ('n dubbele A4-blad) wees, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle waar die sekretaris van die SR persoonlik toestemming moet gee; b) die plek en tyd van die aanbieding moet daarop verskyn; c) die naam van die betrokke instansie onder wie se beskerming die aanbieding plaasvind, moet daarop verskyn; d) die aard van die aanbieding moet genoem word.

### "Kennisgewing"-boek

8. Alle persoonlike kennisgewings van individue en studente word beperk tot twee kennisgewingborde in die LSS wat spesifiek daarvoor gebruik sal word. Verder kan individue en studente reël om hulle persoonlike kennisgewings in koshuise op te sit.

9. Alle nie-erkende studenteorganisasies moet ook hulle kennisgewings ingee by die SR-kantoor vir aanbeveling. Daarna moet hulle dit na die Registrateur (Akademies) neem vir finale goedkeuring. Hierdie aanbeveling, stempel en parafering sal skriftelik wees en 'n kopie daarvan moet in die "Kennisgewing"-boek geplaas word. Alle ander bepaling ten opsigte van kennisgewings sal deur nie-erkende studenteorganisasies nagekom word.

### Stempel

10. Die vereiste ten opsigte van kennisgewings sal boek elke kennisgewingborde aangebring word.

11. Geen kennisgewing van watter aard ookal mag sonder 'n SR-stempel of 'n stempel aangebring word.

pel van die Registrateur (Akademies) se kantoor op enige kennisgewingbord op die kampus verskyn nie.

12. Alle vlugskrifte, stroobiljette en pamphlette versprei sonder goedkeuring van die SR-sekretaris nie. Die verspreider moet homself identifiseer op die dokument.

## Nuwe kliniek verlig druk in Scottsdene

verskillende terreine uitstekende diens in Scottsdene. Hulle glo ook dat die feit dat Stellenbosch en Tygerberg nou in dieselfde gebied gaan werk, 'n stap na beter same-werking en skakeling tussen die takke is.

Die nuwe kliniek te Scottsdene funksioneer op byna dieselfde manier as die kliniek by Sarepta. Die takkomitee van Tygerberg is reeds met drie lede vergroot en hulle bestuur die kliniek onder voorsitterskap van Sam Hopley.

Elke Woensdag vanaf 19h00 is die kliniek oop sodat drie mediese studente, onderskeidelik in hul vierde, vyfde en sesde jaar, die pasiënte onder toesig van 'n dienstdoende dokter kan ondersoek, diagnoseer en behandel. 'n Vierdejaarstudent behartig die verskaffing van medikasie volgens voorskrifte. Ongeveer 18 pasiënte kan sodoende per aand gehelp word.

Die nuwe kliniek bied egter nie slegs 'n geleentheid om naastediens te doen nie, maar ook 'n ideale kans vir mediese studente om waardevolle kennis en ervaring in die praktyk op te doen.



Volkskas Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

de Villiers en Kie. 78855

## Volkskas het 'n Maak-'n-plan-diens vir elkeen van jou studentedae.

Losloopdae. Vasbranddae. Deurdrukdae. Dis studentedae.

Maar studentedae beteken ook verantwoordelikheid teenoor jou studie en jouself, veral wat geldsake betref. En wanneer mens finansiële raad en hulp nodig het, is dit goed om te weet jy 'n bankgenoot wat verstaan.

Met 'n Maak-'n-plan-skema wat alles insluit wat jy nodig het. Studentelening vir daardie dankle-tog-nou-kan-ek-klaar-swot-dae.

'n Transmissierekening vir daardie ek-wil-graag-rente-en-h-aftrekorder-hê-dae. Telegrafiese geldoorplasings vir daardie geldposisie-kritiek-stuur-assebliefdringend-kontant-julle-seun-dae. 'n Uniplan-Kitsspaarrekening vir daardie toe maar-ons-kan-tot-negeur-by-my.

Kitsbank-gaan-geld-trek-dae. En nog baie meer in ons Maak-'n-plan-skema vir al jou studentedae.

As jou geldsake hersiening nodig het, kom Maak-'n-plan by Volkskas. Die bestuurder van jou naaste tak sal jou graag help. Deur dik en dun,

**Volkskas**

Jou bankgenoot deur dik en dun.





Nataniël le Roux, die komponis van die opwindende elektroniese opera, *Oung*. Nataniël doen hierdie opera onder leiding van Dr. Roelof Temmingh, dosent aan die Konservatorium.

Dit word in die Endlersaal onder beskerming van Musicultus aangebied. Die komper waarop Nataniël die belangrikste deel van *Oung* gekomponneer het, het tydens die Junie-vakansie

gebreek, en dit het veroorsaak dat die hele opera uitgewis is. Nataniël moes binne 'n kort tydjie die hele opera herkomponeer. foto: milan cronje

LOMIN SAAYMAN

## Raak u Verloof?

lees dan verder . . .

Die besluit om verloof te raak is een van die belangrikste in u lewe . . . die keuse van die regte verloofring byna net so. Gelukkig is daar 'n diamanteskundige op wie u kan vertrou en u met raad en hulp sal bystaan.

*Spectra Diamante* is 'n diamantsaak met eie goudsmeewerke wat diamante en monterings teen groothandelprys direk aan die publiek verskaf. Besparings van tot 50% is moontlik op kleinhandel prys.

Daar is 'n groot verskeidenheid verloofringe sowel as los diamante en monterings om van te kies.

Elke diamantring word verskaf met 'n volledige graderings-en-waardasie sertifikaat . . . u waarborg van egtheid en gehalte.

Kom gesels met Jimmy Taylor, hy sal u help om diamante te verstaan en om die beste keuse binne u begroting te maak. Of, skryf vir ons gratis brosjiere; "Kies 'n Diamant".

SPECTRA DIAMANTE



Sabelsentrum Nr 7  
H/v Voortrekker & Durbanweg  
Bellville Tel 97 5552

## U.U.B. VIR AL U

- ★ Boeke
- ★ Skryfbehoeftes
- ★ Afrolwerk
- ★ Bindwerk

PLEINSTRAAT U.U.B.  
STELLENBOSCH FOON 70337

## NATANIËL LE ROUX

# 'Dit het gevoel asof ek 'n movie maak'

LAAT in Augustus sal Stellenboschers weer eens die voorreg hê om 'n produksie van die briljante jong komponis, Nataniël le Roux, by te woon.

Nataniël se elektroniese opera, *Oung*, beloof om weer eens 'n ervaring te wees. Al sy vorige produksies soos *The Upper Thing* en *The Purple Pavane* was besondere gebeurtenisse.

*Oung* is uniek aangesien dit die eerste keer is dat Nataniël van die elektroniese opera as medium gebruik maak. Hy het geen kriterium gehad waarvolgens hy kon werk nie, aangesien dit, sover dit sy kennis strek, die eerste keer is dat opera as sulks elektronies aangebied word in Suid-Afrika.

Wat klank betref, is *Oung* as opera oor-geïnspireerd. Die basiese tema van die verhaal is 'n botsing tussen 'n vrou se liefde vir haar man en sy allesoorheersende gevoel vir die stam van wie hy die hoof is. Sy moet aanvaar dat sy besig is om oud te word, en dat haar man die funksie van die groep belangriker as die begeertes van die individu ag. Haar plig teenoor hom vorm deel van haar liefde vir hom, maar vir hom is sy net 'n figuur wat agter hom staan en bydra tot sy beeld as stamhoof. Die opera neem die emosies wat uit dié situasie ontstaan en beeld dit op 'n primitiewe en amper banale vlak uit.

Die kontralto-sopraan Isabelle van Zyl, 'n voormalige finalist vir die SAUK-musiekprys, sing die vroulike hoofrol, *Oung*. André Schwartz

sing die manlike hoofrol, *Igh*, en Sonja Janse van Rensburg die rol van *Y* wat *Oung* as jongmeisie in die terugflitsende uitbeeld. Nataniël self sing die dele met 'n liger inslag. Slegs die twee hoofkarakters; *Oung* en *Igh*, verskyn op die verhoog, terwyl die ander sangrolle deur middel van 'n klankbaan aangebied word.

Aangesien dit 'n elektroniese opera is, het *Oung* verskeie voordele vir die komponis gehad — geen orkes op die verhoog is nodig nie, en die verskeidenheid van klanke is feitlik onbeperk. Die elektroniese klank is vervaardig deur 'n komper en 'n deurlopende klankbaan word gebruik. Omdat toneelwisselings deur klanke voorgestel word, geskied die verloop van die opera baie vinniger. Nataniël combineer slegs drie instrumente (tjello, fluit en pouke) met die klankbaan.

Die hoë moeilikhedsgraad van die musiek maak bewe-

ging op die verhoog redelik beperk, en daarom maak hy eerder van posisies en gebare gebruik om vir die gebrek aan beweging te kompenseer.

*Oung* se speelvak duur van 21–24 Augustus, en word in die vorm van middaguerkonserne aangebied. Die vertonings begin stiptelik om 13h15, en geen persone sal daarna in die auditorium toegelaat word nie. Kaartjies is by die deure teen R1,00 elk beskikbaar.

## Botsende menings oor studentedrama


nie kon geniet nie.

Ten spyte van sy swak Engels, was dit moontlik om Gustav Geldenhuys se spel as "Ian" baie te geniet. Hy het baie van die inhibisie van die akteur verloor na sy laaste verhoogoptrede. Sy spel was soms aangrypend eerlik en natuurlik, en hy het 'n moeilike en groot rol, ten spyte van sy taalprobleem, goed baasgeraak.

Die spelers moes werk in 'n halwe teater-in-die-rondte en behalwe vir probleme met maskering kon die spelers nie heeltemal gewoond raak aan die nabijheid van die gehoor nie.

Ek wil nou namens Jan Publiek iets sê — ons het die opvoering geniet. Dit was aangrypend en dit was vermaakklik (soos wat briewe van lede van die publiek getuig het).

Natuurlik was daar ook dinge wat gepla het. Maar nie in so 'n mate dat ons dit



'n Hoogtepunt uit *When did you last see my mother?*

## digters digters digters

### VIR JOU SUID-AFRIKA

toe johnnie gesterf het  
kon ek  
sy IK  
bloedrooi en verward  
deur 'n wasige venster sien

die koplose soldaat  
het sy hand alleen  
in respek  
streng militêr  
na die spasie-met-spatsels  
laat hys

in diepte  
in breedte  
in rooi  
het johnnie se mond  
verleë  
om verskoning geroggel  
vir sy ontydige  
dissiplineverlies

TANIA DU TOIT

Op Donderdag, 9 Augustus om 18h00  
in die Ou Conserve, sal mnr. Noël Roos  
en Emile Aucamp van die Drama  
Departement tegniese aspekte van die  
produksie toegelig ter voorbereiding van die  
USAT-toneelfees.

WHY ?





The one thing that overwhelms one in conversation with Herschel Raysman, is his total devotion to his convictions.

Foto: Anso van Zyl

## I'Art I'Art I'Art

### INTRODUCES: PABLO PICASSO

"IN my opinion, to search means nothing in painting, to find is the thing." Perhaps this statement reflects the restless compulsion in Picasso's nature that caused the critic Jean Cassou to call him an artist in the fullest sense of the word, "a man exclusively possessed by the thing that is born and shaped in his hands — the thing he invents, or as he says, finds". Faithful to his impatient temperament, Picasso could rest until he had transformed his ideas into the strictness of form. To this end he employed numerous forms of expression — painting, sculpture, ceramics, lithography and engraving. Not that his skill in the field of arts was limited only to these, for he also worked as stage designer, author and editor. He was born in Malaga, Spain in 1881. From about the age of 7, he was never without a pencil in his hand. His sister and cousins delighted in challenging him to draw the most unlikely animal, stipulating at which point he should begin, whether it be the ear or the paw. At the age of 15, he qualified for the Lonja school in Barcelona, completing in a single day, the entrance examination for which a month was normally allowed. A year later, on repeating the same performance, he entered the Academy of Art in Madrid. However, soon disgusted with the official teaching, he returned to Barcelona. At 18, he and his friends fre-

quented a café known as 'El Quartre Gats' a model after the 'Chat Noir' in Paris. Here was the meeting place of intellectuals and artists. By the time Picasso went to Paris at the age of 20, he had discarded all traces of academic influence, to give free reign to his own inspiration. Infatuated with the street life of the Bohemian district of Montmartre, he was to make many studies of the poor, although he himself was close to starvation. His Blue Period, focussed on the themes of loneliness and sorrow. At 25, although his achievements were considerable, amounting to hundreds of works, he had not yet attained public recognition. He chose the lot of the revolutionary. His work, the "Young Ladies of Avignon" shocked all, but was a landmark in art, being a break with the traditional notions of beauty and harmony. The experiment of Cubism was soon to follow. Picasso's later use of Collage was an attempt to break down the distinction between art and non-art. He once said to Michel Leiris: "You should be able to pick up a piece of wood and find you have a bird in your hand." Until his death in 1973, Picasso followed a dynamic metamorphosis. He remained infinitely changeable, and "impossible to grasp," Picasso was concerned wit the total environment of human beings from which he declared men were inseparable. He once stated: "The artist is a receptacle for emotions that come from

LUCIA POORTER



Personeellede van die US Kunsdepartement.

## Kunsdosente stal ter viering uit

DIE Departement Beeldende Kunste se mondigwording is deur kuns liefhebber, doest en student gevier tydens die openingsaand van 'n besondere kunsuitstalling in die US Kunsmuseum. Werke van die onderskeie dosente van die Departement word ten toon gestel.

Al 17 personeellede, met die uitsondering van tekstielontwerper, Hester Honey, stal tans uit. Sommige mense is totaal onbewus daarvan dat baie van die dosente erkende kunstenaars is, van wie daar onder andere vyf is wat verteenwoordig word in nasionale kunsgalerye.

Die werke is baie uiteenlopend van aard, wisselend van uitdagende helder olieverfskilderye, deur Hardy Botha en Timo Smuts, grafiese werke en etse deur Niki Daly en Lyn Lubbe, pottbakerystukke van Sue Coetzee tot fyn kinderboekillustrasies deur Paddy Bouma. Fassinerend en op die oog af onverklaarbaar, was 'n konglomerasie van tikmasjiene, onverwags en abrupt in die

middel van die vertrek.

Rolf Streuber, reeds 21 jaar betrokke by die Departement het met die uiters interessante "Psychopumper" voordag gekom. Die werk bestaan uit 'n deel van sy versameling nutteloze masjinerie en beeld die energie en geld uit wat vermoors word op tegnologie. Paul Emsley het 'n deurbraak gemaak met sy skilderye (die eerste in Suid-Afrika), wat gebaseer is op die nuwe "Artonomy"-prinsiepe van dr. Tsion Avital van Israel.

Al die werke dra die stempel van kwaliteit wat so kenmerkend van die Departement is. Lyn Lubbe se etse, met die besondere tekstuur en kontrasterende wit-swart effek, was treffend, asook die bydrae van juweliers ontwerpers, Dieter Dill.

Larry Scully, hoof van die Departement, het gesê: "Daar is geen manier waardeur mens iemand se gees kan programmeer, of kan bepaal hoe diep iemand sal self tot hy homself ontdek het nie. Die sigbare getui-

nis van hierdie delfproses is dalk juis wat die Departement Beeldende Kunste onderskei van die ander departemente.

Die tentoonstelling duur tot 26 Augustus.

Die volgende tentoonstelling wat in die Kunsmuseum aangebied word, is 'n skilderytentoonstelling deur oud-studente van die Universiteit. Die tentoonstelling begin op 8 Oktober. Die finale tentoonstelling in dié reeks, is 'n fototentoonstelling deur Stephan Coetzer, getiteld *Die Vlieer*. Dit begin op 31 Oktober.

SUZETTE TRUTER

## Manuel Escorci singing in Endler

DIE bekende Suid-Afrikaanse tenoor, Manuel Escorci, tree op Sondag 19 Augustus saam met Me. Esme Krause in 'n uitvoering in die Endlerzaal op.

Die twee kunstenaars het al verskeie kere saam opgetree. Die repertoriem sluit 'n wye verskeidenheid musiek in, onder andere musiek van Le Roux Marais, Jerome Kern, J. Strauss se *A night in Venice*, Verdi, Mozart, en Tchaikovsky.

Manuel Escorci het sy B.Mus in sang op Stellenbosch onder prof. George van der Spuy verwerf. Mn. Escorci was ook vir meer as 'n jaar lektor by die Konseratorium. Hy het al verskeie nasionale en internationale toekenning ontvang, bv. die Vera Janocopoulos-prys vir die beste sanger van

kamermusiek.

Esme Krause het alreeds op agtienjarige ouerdom die Voordraglisensiaat en Onderwysdiploma deur UNISA verwerf. Sy het ook 'n graad in sang aan dieselfde universiteit verwerf. Op die oomblik is Esme Krause 'n lektrise aan die Konseratorium.

Toegang na die konsert is R1 en die plekke is ongerekkeerd. Die twee kunstenaars sal later vanjaar by 'n Nederburg konsert saam met Rina Hugo optree.

CHRISTELLE BELLINGAN

pikkie blommaert

# Finding a truth: Evergreen's HERSCHEL

A profile by Lomin Saayman

*Everybody who has been there knows what a peaceful experience it is — Evergreen is a place to go to when you need healthy delicacies and peace of mind. Run by Herschel Raysman it has grown to the beautiful place it is. Die Matie has talked to him about himself, his life and convictions.*

LS: Where did you grow up?

HR: Well, I was born in Cape Town, and attended Herzlia until matric.

LS: What were your parents like, I mean, what kind of upbringing did you have?

HR: I had an orthodox, conservative upbringing — my parents are pretty straight people. You know, I sang in the synagogue choir until I

left school. After matric I did my military training which lasted for nine months in those days, but I've worked out that four and a half of those months I spent on AWOL.

LS: And after that?

HR: I went to UCT and took up civil engineering. In my third year I failed Land Surveying and had to repeat the whole year. I worked in a record bar, smoked a lot

**"I know that there was a hollow inside me which I could fill with religion, but I avoided it like the plague."**

of dope and didn't attend too many lectures. In my fourth year I failed Structures, which was worth three credits, and never went back to write my sup. I worked as an engineer in Cape Town, but dropped that after a while. A couple of friends and I then moved to Lansdowne

where we shared a cottage — I did odd jobs, sometimes I even was a night watchman in a factory.

LS: What kind of scene were you into during those days?

HR: Well ... I was a full-on hippie with hair down to my shoulders. We smoked a lot of dope, took LSD and mescaline ...

LS: Do you regret those days?

HR: I do not regret these days, but when I look back on it I can clearly see the selfish motivations according to which I lived, and I can now recognize the facade and images I projected. All of us really lived for the moment and nothing else.

LS: Did you ever lead a communal life?


HR: I lived a full-on communal life at Still Bay, up along the Kafferkuils River. We all had a beautiful time — we walked around naked, cultivated the soil with a wooden plough pulled by donkeys, meditated a lot and used drugs in a very ritualistic way. It was a good learning place, but the whole orientation was still selfish and we were all very much caught up in our own trip. I've been searching truth and reality, but I can now say with conviction that we didn't have truth although we had amazing experiences. One good thing did follow — I met my wife, Laura, there. She was my best friend's girlfriend.

LS: When did you move to Stellenbosch?

HR: It always takes a minor explosion to move me from one place to another, but we finally moved to Stellenbosch about eight years ago to stay with friends on a farm.

LS: Evergreen is very popular with students. When did it all start?

HR: Laura's father lent us the money to buy the



shop, but the ideal started when a friend and I baked health breads for a living while sharing a house in Oranjezicht. It was something that just happened. I had no intention to start a shop.

LS: You are a reborn Christian. When did this major event in your life take place?

HR: About two years ago Laura and I did the I AM-training.

LS: I AM-training?

HR: Oh, it is a programme which basically holds up a mirror in front of you; it forces you to look at your fears and weaknesses. It cost a fortune but was the most confronting experience of our lives ... a total vacuum cleaning of the mind. It chopped away all the false ideas and pillars on which I have built my reality.

And then God rushed in. My commitment to him was very wishy-washy in the beginning, but after experiencing the real meaning of prayer I surrendered my whole life to Him. It is very much a growing experience — in my walk with Him, He is slowly revealing things to me which I have never known. In my searching for truth this is the only truth that I have come across that is real, and unless you live that truth, you are living a lie.

LS: What is your general outlook on life?

HR: We've got to stop reacting, and start responding. Reacting comes from the mind and response is something that comes from the heart and the love of God. One should stop your efforts to cure the symptoms of a failed system like the Western Civilisation and start praying for the cause. We are not helpless, because everyone of us get involved in social action and we can actively participate. Any social action or participation that is not based in the love of God is just not going to work.

**FOTOVARIA '84, 'n tentoonstelling van fotos, open op 20 Augustus in Die Gat. Inskrywings van Fokuslede en ander studente word uitgestal.**

**Cobwebs**  
Dorpstraat 145, Stellenbosch



**VIR GESKENKE**

**FOR GIFTS**





## Politieke uitsprake

VERSKEIE politieke uitsprake is op die kongresse van die ASB en NUSAS gedurende die Junie-vakansie gemaak: Versigtig op die ASB-kongres (daar is nie eens gestem oor "politieke" mosies nie), uitgesproke op die NUSAS-kongres.

Aangesien die Universiteit van Stellenbosch nie by een van bogenoemde twee organisasies geaffilieer is nie, is Stellenbosse studenteleiers veronderstel om onbetrokke politieke uitsprake te kan maak. Trouens, 'n besluit wat in 1978 by 'n monstervergadering aanvaar is, verplig hulle om politieke uitsprake te maak. Die ironie is dat sulke uitsprake baie selde gemaak word, en as dit wel gebeur, is dit só versigtig dat dit op byna enige manier geïnterpreteer kan word. Wat help Stellenbosch se veelgeroemde onbetrokkenheid nou? Hierdie huiwering van studenteleiers maak ook die apatie onder die Stellenbosse studente meer begrypbaar.

Die mite van Stellenbosch as toonbeeld van verligte denke, aan die voorpunt van verandering op Afrikaanse kampusse, staan nie meer baie stewig nie. In hoe 'n mate Stellenbosch nog enigsins 'n relevante rol vervul in die Suid-Afrikaanse politiek, sal grootliks afhang van die waagmoed wat ons studenteleiers in die toekoms openbaar om onomwonde hul standpunte te stel en om oop gesprek te stimuleer.

## Dameskoshuise

OP die pas afgelope ASB-kongres is 'n mosie aanvaar dat dames toegelaat moet word om mans in hul koshuiskamers te ontvang.

Op Stellenbosch, waar so dikwels op verandering en vooruitgang geroem word, is oor en weer besoeke van mans en dames nog taboe. Argaïese reëls vir dameskoshuise bepaal nog dat eerstejaar-dame-studente gedurende die week om agtuur in die koshuis moet wees, en senior studente om elfuur.

Dis moeilik om die rede vir eerstejaardames se inkomtye te begryp. Die argument dat dit hulle dwing om te studeer, is al aangevoer. Beteken dit dan dat eerstejaar-manstudente volwasse genoeg is om die nodige selfdissipline toe te pas, maar nie die dames nie? So'n seksistiese argument is eenvoudig onhoudbaar. As gevolg van hierdie reël word eerstejaardames effektief daarvan weerhou om aan kulturele bedrywighede op die kampus deel te neem. Dis sulke maatreëls wat mee help tot die apatie en onkunde van studente.

Ook wat senior damestudente betref, is 'n ander reëling sekerlik moontlik. Op baie Suid-Afrikaanse kampusse het damestudente hul eie sleutels tot die koshuise, of daar is 'n nagwag aan diens by elke dameskoshuis. Is daar al ooit na hierdie moontlikhede gekyk? Op die oomblik is die ironie van die reëls met betrekking tot inkomtye dat baie dames nie voor elfuur of eenuur terug kan wees in die koshuis nie, en dus gedwing word om op 'n ander plek te slaap. Lei hierdie "uitslapery" nie miskien juis tot dit wat die reëls vermoedelik moet verhoed nie?

## Matie-redaksie

**HOOFREDAKTEUR:** ANTON STEENKAMP, Eendrag (Tel. 72610)

**REDAKSIEKANTOOR:** Langenhoven-studentesentrum nr. 435, 436 en 438 (Tel. 72332 en 5979)

**SEKRETARISSE:** SONIA LOUW, Nerina (Tel. 2018)

**BOODSKAPPE:** Sekretariesse, SR-kantoor, LSS (Tel. 70138)

**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** RIAAN SMIT, Addelaarstraat 3 (Tel. 4403)

**ADVERTENSIEBESTUURDER:** JANNIE NEL, Eendrag (Tel. 72610)

**HOOFNUUSREDAKTEUR:** ERIC LE GRANGE, Huis Marais (Tel. 2287)

**AKTUELE REDAKTEUR:** LOU-MARIE KRUGER, Pieke-woonstel nr. 5 (Tel. 9882)

**NUUSREDAKTEUR:** MARISA HONEY, Brandwachstraat 91 (Tel. 4541)

**SPORTREDAKTEUR:** ANDRÉ DUVENHAGE, Eendrag (Tel. 72610)

**KUNSREDAKTEUR:** ANSO VAN ZYL, Jan Cillierstraat 6 (Tel. 9772)

**SOSIALE REDAKTEUR:** CARINA KOEN, Skuilhoek (Tel. 73721)

**INTER-UNIVERSITERE REDAKTEUR:** OCKIE DUPPER, Liebenhof 18

**TAALREDAKTEUR:** Vakant

**ASSISTENT-TAALREDAKTEUR:** Louis van Wyk, Eendrag (Tel. 72610)

**HOOFFOTOGRAAF:** MICHAEL VENTER, Dagbreek (Tel. 71002)

**SPOTPONTTEKENAARS:** ADRIAN LOUW, Majuba (Tel. 2010); EZRA STEENKAMP, Simonsberg (Tel. 2035)

**SUB-REDAKTEURS:** Jeanne Cilliers en Charl du Plessis

**NUUSVERSLAGGEWERS:** A. du Toit, M. du Toit, E. Wessels, C. Barnard, C. Buccimazza, H. Gerber, S. Malherbe, L. Kruger

**SUB-REDAKTEUR, SPORT:** David van der Westhuizen

**SPORTVERSLAGGEWERS:** Q. Basson, R. van Coller, C. Hunsinger, H. Bester

**SUB-REDAKTEURS, KUNS:** Lomin Saayman en Suzette Truter

**KUNSVERSLAGGEWERS:** S. Brits, D. Elahi, S. Pauw, M. Visser, C. Bellinger, A. Lubbe, L. Poorer, R. du Preez

**SUB-REDAKTEURS, SOSIAAL:** Cobus Smit en Elmien Lesch

**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** R. Swanepoel, F. Brand, C. Ludski, M. von Broembsen, E. Hamman, N. Louw, G. Rust, S. Delport, S. Croeser, P. Lucock

**SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITER:** Craig Cleaver

**INTER-UNIVERSITERE VERSLAGGEWERS:** S. Herholdt, S. Mathews, J. Grobler, M. Truter, J. Pretorius, F. Beukman



Volgens 'n onbetroubare bron in die "Vark en Fluit", wend die streeptuie hul nou tot hypnotisme in 'n desperate poging om die geskiedenis te wreek. . .

## OUD-REDAKTEUR

# Oor debakels en ander frustrasies

CORINNE OOSTHUIZEN het in die jaar wat sy hoofredakteur van *Die Matie* was, meermale die koerante gehaal. Eers het sy op voorblaai gepryk omdat sy die eerste hoofredakteur was wat 'n vrou is. Sy behaal 'n Honneursgraad in Kliniese Sielkunde cum laude en word slegs die tweede hoofredakteur wat in haar termyn as hoofredakteur cum. In die omstrede Matie-debakel word sy tydelik van haar amp onthof. *Die Matie* het met Corinne gaan gesels oor *Die Matie* en haar hoofredakteurskap.

Daar is groot ophef gemaak oor die feit dat jy die eerste vroueredakteur van *Die Matie* was. Dink jy hul geslag het in die verlede ander vrouestudente weggehou van die pos?

Ek dink daar was sekerlik voor my baie vrouestudente wat bekwaam genoeg was om hoofredakteur te wees, maar wat nie ingekom het nie. Vrouestudente op Stellenbosch neig om hulself terug te hou.

Het jou geslag enige rol gespeel tydens jou termyn? Het die feit dat jy vrou is jou taak moeiliker gemaak?

Op die redaksie dink ek nie dit maak saak of jy vroulik of manlik is nie. Daar tel dit eenvoudig hoe jy jou werk doen. Na buite het my geslag dikwels ongevraagd verbasing uitgelok, maar ek dink tog na die eerste publisiteit verby was, het mense maar meer gekyk hoe ek my werk doen.

Wat het jy gesien as jou hoofdoelstelling of mikpunt toe jy aangestel is as hoofredakteur?

*Die Matie* is 'n studentekrant wat onvergelykbaar is met enige ander studentekrant. Omdat die Stellenbosse kampus so heterogene is, is dit baie belangrik dat *Die Matie* as medium wat die meeste studente bereik, aktueel is en 'n rol speel op kampus. *Die Matie* moet probeer om so wyd moontlik vir alle studente en hul belangstellings voorsiening te maak. Dit is natuurlik nie moontlik om dit in elke uitgawe te doen nie, jy is ook afhanklik van wat op die oomblik in die nuus is.

Volgens my beleid het ek formeel probeer om vier aspekte te dek nl. leesbaar-

heid (daarmee bedoel ek dat kritiek van 'n sekere groep ontlok moet kan word sonder om hulle as lesers te verloor), aktualiteit, billikhed en tegniese vaardigheid.

Waarin stel studente belang as jy moet veralgemeen?

Sport en sosiale gebeure. Ons het gevind dat min studente spontaan belang stel in of spesifiek vra vir politiek en swaarder stof. In daardie sin het *Die Matie*

Dink jy dit is moontlik vir *Die Matie* om onafhanklik te staan van 'n spesifieke denkstroom op kampus?

Ja, dit was spesifiek van sy doelstellings wat ek dink in 'n groot mate wel bereik is. Uit ondersteuning en ook kritiek uit verskillende rigtings dink ek kan ek met reg aflei dat *Die Matie* so neutraal was as wat werkelik moontlik was.

As ek sê *Die Matie* probeer om neutraal te bly, bedoel ek nie dat *Die Matie*

## Matie-Gesprek

Lou-Marie Kruger gesels met



Corinne Oosthuizen

Die wagondunksie van *Die Matie* is belangrik in die sin dat dit maak dat die SR nie 'n soort direksie van *Die Matie* is nie; dis eerder 'n voog. Die SR kan nie die rigting wat *Die Matie* moet inslaan bepaal nie. Die SR het nie inspraak of beheer oor die inhoud van *Die Matie* nie; hulle kan slegs 'n opinie daaroor hê.

Dit is baie belangrik dat *Die Matie* onder geen omstandighede hierdie plek wat hy het om oop en eerlik te kan kritiseer en menings te kan gee moet verloor nie. Ongelukkig word hierdie funksie min gewaardeer deurveral sekere strukture op kampus.

Dit bring 'n mens onvermydelik by 'n vraag oor die Matie-debat. Hoe voel jy nou oor jou tydelike skorsing en al die publisiteit wat jy en *Die Matie* destyds geniet het?

Ek dink nog steeds dat wat daar gebeur het buite verhouding opgeblaas is en dat die overhede ooreageer het. Die gronde waarop daar teen my opgetree is, is bevaagtekenbaar en ek dink ondubbelzinniglik dat die wyse waarop dit gedoen is nie reg was nie.

As jy jou lesers verloor, verloor jy jou basiese funksie. 'n Redaksie moet versigtig wees om nie te verget dat *Die Matie* primêr die standpunkt-innames in *Die Matie* het. Die standpunkt-innames moet natuurlik nie altyd van een kant af wees nie.

As jy jou lesers verloor, verloor jy jou basiese funksie. 'n Redaksie moet versigtig wees om nie te verget dat *Die Matie* primêr die koerant van die studente-unie is nie.

Watter verhouding dink jy moet *Die Matie* met die SR hê?

Volgens reglemente is *Die Matie* die wagondunk van die SR. *Die Matie* moet ook natuurlik die aktiwiteite van die SR en die SP dek.

Ek het in my hoofartikel 'n vraag gestel wat op daar die stadium aktueel was.

Ek het kritiek uitgespreek oor die idee van 'n sekere

(Vervolg op bl. 13)



Sondagoggend is ingelei deur 'n opelegdiens op die rotse.

## U.S. DEBAT

# Dosent pleit vir Afrika

IN sy openingsrede van die debatsvereniging-seminaar oor die onderwerp, "Ons is van Afrika; is ons?", het prof. Sampie Terreblanche gesê dat die beroerde toestande van die Nie-Blanke aan kapitalistiese uitbuiting deur die Afrikaner te wye is. Hy het selfdertyd gepleit dat die Afrikaner hom meer oor die Swartmense moet bekommern.

Prof. Terreblanche het die openingsrede by die US Debatsvereniging se seminaar op Vrydag, 3 Augustus, gelewer. Hy het die vraag probeer beantwoord of die Afrikaner werlik deel van Afrika is.

Suid-Afrika bevind hom tans op 'n oorvol kontinent. Terwyl Donker Afrika se skoot steeds minder voedsel produseer, produseer die Swart vrou se skoot steeds meer kinders, het hy gesê. Die vryheidstryd in Afrika was hiervoor verantwoordelik.

Hy het verder gesê dat, was daar maar aanvanklik 2,4 miljoen blankes in Suid-Afrika, dan sou Afrikaners se posisie veel beter gewees het. Hy het na Suid-Afrika as 'n nuwe Europa verwys, maar gevra waarom die land so verwaarloos is deur die VOIC.

Die VOIC was slegs op winsbejag gerig, en prof. Terreblanche het dit jammer gevind dat die heden-dagse Afrikaner dieselfde uitbuitende houding jeans die Nie-Blanke volg. Die Afrikaners se enigste doel is geldmaak, het hy gesê.

"Ons is in groot sonde gebore, en nog erger is dat ons bloed met die winkeliers van Europa vermeng is," Prof. Terreblanche het hier verwys na die huwelike tussen Engels- en Afrikaansprekende Suid-Afrikaners sedert 1652. "Waar anders kom vanne soos Smith en Brown by Afrikaners vandaan," het hy gevra.

Deurdat die nageslag van Hollandse setlaars hulself Afrikaners noem en hul taal Afrikaans, bevestig hulle hul Afrika-gebondenheid. Dit gee aanstaot, het prof. Terreblanche gesê. Hy het gepleit dat Afrikaners eerder as Hollandse Kapenaars bekend moet staan, wat Kaaps praat.


Die probleem van bruin "Afrikaners" word opgelos deur hulle Kaapse Kapenaars te noem, het hy gesê. Deurdat die Afrikaners hulself as verlengstuk van Euro-

pa beskou, het hulle gehelp om Suid-Afrika van die Aspoestertjie tot muishond van die wêreld te laat ontwikkel.

Hierna het hy gevra wat die Hollandse Kapenaars moet doen om deel van Afrika te word. Hy het gesê dat ons veel meer moet wys dat ons ons nie oor Europa nie, maar oor Swartmense bekommern.

Ons moraliteit moet 'n metamorfose ondergaan. So kan ons in wese en naam deel van Afrika word. Terwyl moet ons ons Christelik-Westere standarde handhaaf, het hy gesê.

Prof. Terreblanche se toespraak is gevolg deur 'n video-vertoning oor die ooredingstegnieke van pres.



Prof. Sampie Terreblanche hier aan die woord, in 'n ernstige luim.

## Buitemuurse SR hou eerste vergadering

DIE Buitemuurse SR het verlede Woensdag vir die eerste maal in hul bestaan 'n algemene jaarvergadering gehou.

### Organiseer

In Lid van die SR, mnr. D.S. Marée, het gesê dat die SR tot dusver 'n beperkte rol op die kampus gespeel het. Beginnende vanjaar wil hulle egter gereeld jaarvergaderings hou om nouer met die studente te skakel.

Mnr. Marée het gesê dat die SR die studente wil organiseer om verskeie grieë op te klaar. Hy het daarop gevra dat die BA-fakulteit al-

25 jaar bestaan en steeds net 'n biblioteek en kafeteria het.

Hy het die biblioteek as "chaoties" beskryf – die studiemateriaal was onvoldoende, en die studente het moeite om materiaal van die sentrale biblioteek te vra.

Klastye lewer ook steeds probleme op. Studente wat ver van die kampus woon en tussen klasse moet wag wil 'n ontspanningslokaal hê. Die kafeteria is onplezierig, het mnr. Marée gesê.

### Griewe

Daar was sowat 100 studente by Woensdag se vergadering. Die studente het

# Proefneming nodig op universiteit

Logika word in die analistiese sowel as kreatiewe sfeer van die Filosofie gebruik. 'n Mens kan sê Logika is die vinger in die gaatjie van die dyk wat Filosofie is.

Wat dié Teologie-kursus betref kan ek net dink dat die eise van die beroep 'n rol speel. Ek vind steun hiervoor daarin dat Filosofie 1(!) vir die aspirant-dominees verpligting is. Hierdie professionalistiese invloed op die universiteit, vind ek onhoubaar. Waarom moet 'n spesiale kursus vir 'n spesiale deel van die filosofiestudente ingestel word, terwyl alle filosofiestudente sou baat by 'n fundamentele kennis van logika?

Daar is wel reeds 'n kursus oor Informele Logika aangebied. Alhoewel die kursus genoeg verskaaf het, voel ek dat die afronding, vir 'n gesonde kennis van die Logika, ontbreek. Dr. A.B. du Toit het reeds sy bereidwilligheid om die kursus aan te bied uitgespreek.

Die laaste beswaar wat ek wil opper, is dat persone wat só deur die wysgerheid meegevoer is dat hulle Politieke, sowel as gewone(!) Filosofie neem, 'n dubbele dosis Etiek inkry. Daar is nie bv. 'n keuse tussen die gevraakte Formele Logika en 'n Etiekkursus nie.

Dit lyk my daar sit heelwat moeilikhede makers by die Politieke Filosofie; dus moet hulle twee kursusse in die Etiek volg.

Indien my argumente ongeldig is, wys dit net hoe nodig die Logika-kursus is!



**Briewe**  
DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentensentrum, Stellenbosch 7600.

Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuinnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde gevval word streng gehemel gehou.

So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.

Alle briewe wat ontvang word sal óf gepubliseer óf erken word.

# Unintelligent scribblers are an annoyance

**GLOSS writes:**

Do students at this university *have* to scribble in library books? One would suppose that the average student here would have acquired at least a modicum of good sense and civilization. One would be wrong.

or inaccurate repetitions of every third sentence in the margins. Or one finds that a moron who can only concentrate when underlining has reduced it to an illegible mass of not-quite parallel lines.

But perhaps we should be happy; at least these people steer well clear of dirty jokes. Most of the time.

## Koshuise moet oop vir almal

**ME. JULIA SMUTS, GEORGE, skryf:**

In die lig van die feit dat ek onlangs by 'n oud-Matiesetnie deur die betrokke ouerhede daarvan weerhou is om 'n opname te maak, by wyse van handtekening onderaan 'n vooropgestelde dokument, van dié oud-Maties wat hul steun sou wou toesê aan die inwoners van die vyf koshuise aan die US wat in die onlangs referendum hul bereidwilligheid aangedui het om alle kosfasiliteite met hul medestudente te deel, ongeag hul kleur, wens ek by monde van *Die Matie* vir hulle te sê: Mool so!

Daarby sou ek graag ook ander belanghebbende persone, veral oud-Maties of ouers en borge van hulige Maties, wou aanmoedig om saam met my die universiteitsoverhede aan te moedig om so spoedig moontlik hierdie blyk van toekomsgerigte, akademies bevryde denke met die nodige ernste te bejewel wat dit verdien — voorwaar 'n "stap in die regte rigting!" — en daardie bepaalde koshuise dienooreenkomsdig oop te stel aan alle verdienstelike studente.

## Belange van klasse belangriker as SP & SR

**JANN SMIT skryf:**

Noudat die tyd vir die volgende SP & SR verkieings aangebreek het, wil ek voorstel dat daar nie weer een gehou word nie.

Die SP & SR is daar gestel om valse belange by ons te skep. Hulle sit en redeneer vurglik oor onbenullighede terwyl die tyd al hoe minder raak. Hulle is deur die ouerhede daargestel om valse belange te perpetueer en soodende studente se aandag van ware probleme, soos die klasstryd, weg te rokkel.

Wat ons nodig het is of 'n totale rewolusie of geen SP nie. Wanneer hierdie geforseerde een-dimensionale denke van ons skouers afgewer word, sal ons eers die kontradiksies van die produksieverhoudinge en -krakte in 'n kapitalistiese stelsel kan raaksien. Weg met tegnokrasie!

Weg met SP!

## Hoeveel studente kan jy net-net in 'n klein S.A. universiteit kry?



## Soveel as die Staatsdiensbeurshouers wat vanaf 1984 elkeen R3 600 per jaar ontvang!

In die nuwe bedeling vir die nuwe geslag in die nuwe Staatsdiens is daar vanjaar ongeveer 3 500 studente wat Staatsdiensbeurshouers is.

Dis deel van die voordele in die nuwe Staatsdiens waar JY tel. Dis deel van die verantwoordelikheid wat die Staatsdiens op hom neem om deur tersiêre opleiding verligting te bring in die tekort aan hoëvlak-mannekrag in Suid-Afrika. In die proses word manne en vroue ook toegerus om die owerheid se diensmasjien te beman — en om diens van die hoogste standaard te lewer.

### 'n Sinvolle bydrae op professionele vlak.

Die jong mense van vandag weet dat waar jy sinvol kan bydra, het jy groter hoop op selfverwesenliking, groter lewensgeluk en die geleenthed om jou ambisies en drome te verwesenlik. Jou studiejare is sweetjare en dis jou erna om jou swaarverdiende opleiding toe te pas waar jy erkenning en ryke vergoeding daarvoor kry.

### Vergoeding volgens die werklike waarde van jou bydrae.

Groter beroepsdifferensiasie binne die nuwe Staatsdiensstruktuur beteken dat daar nou 'n stimulerende loopbaanpad uitgestippel word en dat jy daarby vergoed word binne die vraag-en-aanbodsituasie van jou bepaalde vakgebied. **Daar's meer as 40 professionele loopbane om uit te kies in die Staatsdiens.** Ons noem hier sommige van die rigtings:

- Ekonomiese • Geofisika • Hidrologie • Ingenieurswese (veral Siviel) • Radiografie • Suiwer Natuurwetenskappe (B.Sc) — veral Chemie vir aanstelling as Forensiese Analis) • Weerkunde.

### Waardevolle beurse van R3 600 p.j.

Studente wat nog nie hul universiteitsopleiding voltooi het nie kan ook in aanmerking kom vir 'n beurs — al is hul reeds op tweede- of derdejaarvlak. Beursbedrae vir universiteite beloop R3 600 per jaar. Onthou om net 'n aantekening te maak van hierdie belangrike datum: **31 Augustus** is die sluitingsdatum vir beursaansoeke. Dit stel kandidate in staat om beter te beplan vir hul volgende studiejaar.

### Jou voordele maak jou salaristjek baie meer realisties.

Benewens waardevolle verbeteringe in die salarisste van Staatsamptenare wat jou nou van 'n goeie inkomste verzek, kan jy ook reken op die volgende voordele:

- 'n Jaarlikse bonus wat gelyk is aan een maand se salaris
- Behuisingsvoordele
- Ruim verlof — vanaf 30 dae per jaar
- Studieverlof
- Siekterverlof
- Spoorwegkonsessies
- Vergoeding vir oorplasingskoste
- Mediese skema
- Pensioenskema
- 5-dag-werkweek.

**Gee nou professionele koers aan jou loopbaan.**  
**Tree in verbinding met ons Streekkantoor naaste aan jou, ons Streekreklamebeampte sal graag met jou wil gesels. Of skryf aan Die Kommissie vir Administrasie, Privaatsak X121, Pretoria 0001. Tel: (012) 21-4411. Of vul net die koepon in en ons sal met jou in verbinding tree.**

**Bloemfontein:** Die Personeelskakelbeampte, Winkel no. 3, FVB-sentrum, Postbus 3388, Bloemfontein 9300. Tel: (051) 71180.

**Durban:** Die Personeelskakelbeampte, Escovahluis 507, Smithstraat 437, Durban 4001. Tel: (031) 68829.

**Johannesburg:** Die Personeelskakelbeampte, Tony Factor Infowacentrum, Winkel 168, h/v Kerk- en Joubertstraat, Postbus 6371, Johannesburg 2000. Tel: (011) 29-3986.

**Pretoria:** Die Personeelskakelbeampte, Kommissie vir Administrasie, Winkel no. 24, Eerste Vlak, Koedoe-deurloop, Pretoriussstraat, Postbus 5730, Pretoria 0001. Tel: (012) 285900.

**Kaapstad:** Goue Akker 606, Sesde Verdieping, Adderleystraat, Kaapstad 8001. Tel: (021) 21-7673.

**Kimberley:** Die Personeelskakelbeampte, Saambougebou 6, Du Toitspanweg, Kimberley 8301. Tel: (0531) 25612.

**Port Elizabeth:** Die Personeelskakelbeampte, Herovic Plaza, Postbus 27200, Green Acres 6057. Tel: (041) 39-2358/9.

Pos die koepon aan Die Kommissie vir Administrasie, Privaatsak X121, Pretoria 0001. Tel: (012) 21-4411.

Naam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Tel: \_\_\_\_\_

Ouderdom: \_\_\_\_\_

Rigting van belangstelling: \_\_\_\_\_

Kwalifikasie: \_\_\_\_\_

Beurs: \_\_\_\_\_

# Depressie oor nuwe puntestelsel

**CHARL DU PLESSIS skryf:**

Dié brief namens al die mid-winter insinkers, wat nesek vanaf Meimaand reeds in 'n gryse depressie gaan in afwagting op die eerste keer wat mens huis toe gaan in ses maande; die Julie-vakansie. My tipe van mens, wat weet dat solank sy semester-kurssus goed gaan, alles wel is, en met 'n spastiese onvermoë om stil te sit en te studeer, die een na die ander goeie skema uitdink hoe om

raad geneem is waardeur vorderingspunte voortaan ewevelig gewig dra as ons prestasiepunte en dat die halfjaar flops waarvan ons al byna vergeet het, ten spyte van ons nuwe begin November/Desember teen ons voor gehou is nie, en ook nie só in enige deel van die Jaarboek aangedui word nie.

Ek glo snaaks genoeg, dat

... jy dink die een na die ander goeie skema uit hoe om maar nog 'n daggie of wat jouself besig te hou voor jy begin werk.

maar nog 'n daggie of wat jouself besig te hou voor jy begin werk. Ek voel ons groep word bedreig deur die nuwe stelsel van prestasiepunte. In sommige klasse is daar sedert die begin pertinent aangedui oor watter werk ons in Junie geëksamneer word, en waaroor in Desember. Gevolglik word daar meer klem gelê op laasgenoemde, want dis al waaroor ons eintlik eksamen skryf.

Nou moet ons uitvind dat daar *halfpad* deur die jaar 'n besluit deur die universiteits-

Ek hoop om met hierdie skrywe dit onder hulle aan dag te bring, en ook gesteun te word deur ander studente in die poging om só 'n stelsel eers vanaf 1985 ingestel te kry.

# Intervarsity?

**IEMAND skryf:**

Soms, liewe lezers van dié koerant, voel die skrywers van dié brief om hulle te wend na die afgryslike, die ontoelaatbare — DIT WAT DEUR DIE WET VERBIED WORD. Wat kan van so 'n ekstreeme aard wees? Wat kan veroorsaak dat 'n mens die frightening men-in-blue, our boys in uniform, só kan tempteer? Wat kan dit wees wat 'n doodnormale Matie só ver sal dryf dat hy sy Christelik-Nasionale opvoeding op die growwe aarde sal neerwerp, en soos 'n Theseus vanouds sy hele agtergrond met ruwe woede (en met kaal hande) om die lewe bring? INTERVARSITY. Net die een ordinäre (en somewhat common) gebeurtenis. Net dit. Eenvoudig.

Het jy al mooi rondom jou gekyk hoe lyk 'n massa dronk mense bymekaar na 'n Intervarsity? Walglik, is my totale opsomming daarvan. Doen jouself 'n guns en bly tydens dié Intervarsity rugter. *Sass die scene uit* — dit kom uit eindelik tog maar net op 'n verskoning vir die Grootste Drink van die Jaar neer.

Om alles natuurlik nog te vererger, sak al wat dronk student is op al wat oop restaurant, straat, toilet, ensvoorts, neer. En dis hier waar my geweldige grudge tot ver in die rooiskiet. Kyk, om nou eerlik te wees — ek HAAT dronk studente wat gillend en skreeu op openbare plekke toesak en onwelvoeglike aanmerkings vir die kelners skreeu, die *steak se sous* op die tafel doek omkeer, ensvoorts, ensvoorts — the possibilities are endless.

Dink daaroor, en probeer om dié Intervarsity sober te bly. En as dit heeltemal buite die kwessie is, hou dan net jou groot mond dig toe as jy tussen ander opgevoerde, rugter mense beland. En daarby impliseer ek nie dat jy glad nie moet drink nie, ek meen, ek *freak* oor 'n lekker brandy en coke, maar erken tog jou limiete.

# Step into the world of High Fidelity with Technics




THIS WELL MATCHED HI-FI SYSTEM FOR ONLY

**R725,00**

INCLUDES:  
SB 240 SPEAKERS  
SLB 200 TURNTABLE  
RSB 10 CASSETTE DECK  
SUZ 15 AMPLIFIER

Tuner and Stand optional extra.

**SU-V707**



Stereo Integrated DC Amplifier

Computer Drive New Class A eliminates transient cross-over distortion. 90 watts per channel at 8 ohms, 1kHz. 0.001% THD. Highly efficient heat pipe for heat dissipation. Low-noise phono equalizer amplifier.

THIS 90W AMPLIFIER WAS R539 NOW

**R490**




**TAPE DECK RS-M253X dbx**  
Three-head Cassette Deck with dbx® and Dolby® B-C NR System 110dB dynamic range and 30dB noise reduction with dbx, 2-motor drive, 20-programme Music Select system, 1 music auto-repeat 16 times, 3-colour peak-hold wide range FL meters. Electronic multi-mode counter.  
THIS TAPE DECK WAS R739 - NOW

**R650**

**SU-V9 Stereo Integrated DC Amplifier**

"New Class A" and Linear Feedback circuitry. 120W per channel, at 8 ohms, 1kHz. 0.003% THD. High gain phono equalizer with low-noise FET. Servo power supply and concentrated power block. Super-bass tone control.




THIS 120W AMPLIFIER WAS R837 NOW

**R770**

**SU-V505 Stereo Integrated Amplifier**

Computer Drive New Class A eliminates transient cross-over distortion. 60 watts per channel at 8 ohms, 1kHz. 0.003% THD. Low-noise phono equalizer amplifier. Computer Drive Monitor displays operation modes.



WAS R453

NOW

**R395**

**SU-Z35 Stereo Integrated Amplifier**

32 watts per channel at 8 ohms, 1kHz. 0.03% THD. Slim design. Sliders and pushbutton controls with input selector LEDs. LED Power display. Low-noise phono stage.




THIS 32W AMPLIFIER WAS R239

NOW

**R210**

**SU-Z15 Stereo Integrated Amplifier**

20 watts per channel output at 8 ohms, 1kHz. 0.8% THD. Midrange tone control increases vocalist's "presence". Smooth sliding tone controls for bass, mid and treble.




WAS R190

NOW

**R158**

**SU-V303 Stereo Integrated Amplifier**

Computer Drive New Class A eliminates transient cross-over distortion. 45 watts per channel at 8 ohms, 1kHz. 0.003% THD. Computer Drive Monitor displays operation modes. Tone defeat switch.



WAS R419

NOW


**R357**

This pair of 75 watt speakers 43Hz — 30kHz

WAS R344

NOW

**R249**



# Stellensound

Phone 73004/5/6

Stellenbosch Furniture Co. cnr Andringa & Church st.



**TOUTREK****WP-span verower bronsmedalje**

DIE US-Toutrekklub het die Westelike Provinse in die 720 kg-, 680 kg- en 640 kg-afdelings by die Springbok-proewe verteenwoordig gedurende die Junie-vakansie. Die 720 kg-span het die brons-medalje in hul afdeling verower.

Die Matie-span was die gunstelinge om die 720 kg-afdeling te wen, na hul vertoning op die Nasionale Wynland Kampioenskappe. Daar het die Maties die eerste plek verower. Die Springbokspan van 1983, Goudini, wat teen Noord-

Ierland meegeding het, het die tweede plek, en sodende die silwer medalje verower. Die ervare toutrekkers van Griekwas het hul Springbok-kleure verwerf en sal Suid-Afrika in die wêreldkampioenskappe te Wisconsin, Amerika verteenwoordig.

Die 720 kg- en 560 kg-afdelings is op 13 Julie gehou en die 600 kg-, 640 kg- en 680 kg-afdelings is op Saterdag 14 Julie gehou. Elke afdeling in die kampioenskappe is op 'n rondomtalie-basis getrek. Agt spanne het hul ingeskryf in die 720 kg-afdeling. Die

swaarspan van Stellenbosch het goed begin deur al hul trekke skoon te wen. Die span van Griekwas het ook al hul trekke skoon gewen en toe dié twee spanne teen mekaar te staan kom was hulle die enigste twee onoorwonne spanne in die afdeling. Die eerste trek is deur Griekwas gewen in 'n baie lang tyd van 3 min. 28 sek. Met die eerste trek gewen, het die Griekwatrekkers geen foute gemaak nie en ook die tweede en finale trek gewen. Met die nederlaag moes die Maties volgende


teen Goudini trek. Die studente het ook hier verloor, maar het die volgende span geklop om derde in die afdeeling te eindig.

In die 640 kg-afdeling het Stellenbosch heelwat swakker vertoon. 'n Sewende plek is verower in die afdeling waarin 13 spanne meegeding het. Griekwas het ook hierdie afdeling gewen. Die Maties het beter vertoon in die 680 kg-afdeling, maar moes die knie buig voor Breërivier om 'n vierde plek te kry. Griekwas en Goudini het soos in die 720 kg-afdeling weer eerste en tweede plekke in die 680 kg-afdeling verower. S.A. Polisie het die 560 kg- en 600 kg-afdelings gewen.

'n Goeie standaard is gehandhaaf by die proewe waarinveral die swakker klubs en provinsies heelwat verbetering getoon het om die kompetisie soveel strawer en harder te maak.



**NICO VISSER**, Schalk Olivier, Danie de Wet en Kobus Breers-Louw staan hier rotsvas op die Wynland Nasionale Kampioenskappe. Hulle het een van die beste kombinasies in die land gevorm. Agter hulle trek T.C. Botha en Gerhard van Eeden. Die Maties het die 720 kg-afdeling gewen. Die swaarspan van die U.S. Toutrekklub het baie goed deur die jaar presteer. Hulle het die WP- en WP-Boland-kampioenskappe gewen.



## Evkom is 'n stimulerende loopbaan vir pas gegradueerdes

U belangrike voorbereidingsjare is feitlik agter die rug. Nou kom u belangrikste keuse: u eerste werkgever. Evkom se energietegnologie staan aan die spits van ontwikkeling — dit skep geleenthede vir ingenieurs. Maar dit is net 'n deel van die geleenthede: Evkom se multidissiplinêre tegniese funksie word deur 'n wye verskeidenheid steudienste aangevul wat

talryke professionele geleenthede oor 'n breë beroepspektrum skep. Ons werwingspan is op 22 en 23 Augustus op die Matie-kampus om u meer te vertel oor die loopbane, werkbevrediging, vergoedingspakket en voordele by Evkom.

Sien u daar op 22 en 23 Augustus.

**Kom gesels gerus met ons oor geleenthede in:**

- Elektriese Ing. (Sterkstroom of Elektronika)
- Meganiese Ing. ● Bedryfsingenieurswese
- Bedryfsekonomie ● Ekonomie
- Fisika ● Personeelkunde



Evkom is ...  
krag vir groei

**EVKOM**

## Snoekerkub maak debuut in WP-liga

Chris Hunsinger

DIE Matiesnoekerkub se twee spanne het in hul eerste seisoen in die WP-snoekerkliga onderskeidelik vierde in die C-liga en sesde in die D-liga geëindig.

Die D-ligaspan het in sy eerste seisoen drie van sy ses wedstryde gewen en een keer gelykop gespeel. Volgens 'n lid van die klub het die span sy posisie te danke aan die bestendige spel van die spanlede.

### C-liga

Die D-ligaspan het onder andere met die sterk span van The Snooker Centre afgerekken. Die spanne teen wie hulle verloor het, is Liesbeeckpark en Sanlam.

Die C-ligaspan het heelwat swakker gevra. Die span kon geeneen van hul wedstryde wen nie. Danie Slabbert, die klubse nommer een-speler kon nog nie teen vreemde teenstand bevredigend vertoon nie.

### Kompetisie

'n Interklub-dubbelspel-kompetisie word tans beslis. Sewe spanne neem hieraan deel. Geldpryse, borge en koopbewyse is van die prys wat op die spel is.

# SAU SAU Maties wen weer in gimnastiek

Quinta Basson

NADAT die Matiespan verlede jaar die SAU-gimnastiektoernooi met net een punt gewen het, het hulle vanjaar hul meesterskap getoon deur met 81 punte te seëvier.

Die kompetisie, wat vanjaar in die Universiteit van Kaapstad se sportsentrum op 2 en 3 Julie gehou is, is in 'n groot mate deur die Maties oorheers.

## Individue

Hoewel die Maties se manspan die eerste plek met Potchefstroom gedeel het en die vroue slegs derde in hul afdeling kon eindig, is hulle as algemele widders aangewys. Dit is die derde agtereenvolgende jaar wat die Maties die prestasie behaal.

## PLUIMBAL

### Cerff tweede in enkelspel

DIE SAU-pluimbalkampioenskappe is van 2—6 Julie by die Universiteit van Potchefstroom gehou. Die Matiespan het algemeel derde gekom en Jenny Cerff het tweede in die dames enkelspel geëindig.

Die kampioenskappe waaraan agt spanne deelgeneem het, het op 'n rondtalige basis geskied. RAU het



as uiteindelike widders uitgetree met 90 punte. In die tweede plek was Potchefstroom met 88 punte. Die US-span het 81 punte gekry, 27 punte voor die volgende span, Port Elizabeth, wat 54 punte gekry het. Vier van die kompetisies het die Matiespan met 15 punte teenoor nul gewen. UPE het daarin geslaag om drie punte te kry sodat die finale telling 12—3 in die gunst van die Maties was. RAU het US met 11—4 geklop en Potchefstroom het ook die Maties met 10 punte teen 5 geklop.

In die enkelspankamioenskappe het Jenny Cerff in die finaal verloor en tweede geëindig. Heather Thom en Ohna Wessels het onderskeidelik vierde en sesde geëindig. Die damesdubbelspel is deur Thom en Cerff gewen. Wessels en Gerhard Oosthuizen het die semifinaal van die gemengde dubbelspel bereik. In die mansenkelspel het Antony Jacobs, no. 1 van Stellenbosch die sewende plek behaal en Riaan Kritzinger het negende geëindig.

Die Maties het as span en individue baie goed presteer en met die 15—0 oorwinning oor Ikeys behoort die Maties hulle op Internarsity te klop.

SAU SAU

Verskeie Stellenbossers het ook goeie individuele vertonings gelewer. Juan Lourens het die intermediêre afdeling vir die tweede agtereenvolgende jaar gewen. Hieroor het hy 'n goue medalje en trofee ontvang.

Barbara Moolman het 'n gesamentlike eerste plek in klas vyf vir vroue behaal. In klas vier het Annette Stofberg 'n goue medalje en trofee verower. Chris Delpierre het ook 'n goue medalje en trofee verower met sy oorwinning in klas drie vir mans.

Ander uitblakers in Stellenbosch se span was Louis Gerber (derde in graad twee),

David Malan en Josef Potgieter (onderskeidelik tweede en derde in graad drie).

## 1985 SAU

Stellenbosch het vanjaar 425 punte opgestapel om die algemene titel te wen. Tweede was Potchefstroom met 344 punte.

Die 1985 SAU-gimnastiektoernooi sal in die nuwe saal van die Universiteit van Pretoria gehou word.



JUAN LOURENS van Stellenbosch se SAU-gimnastiekspan is hier besig om te oefen vir die SAU-toernooi. Hy het 'n eerste plek in die intermediêre afdeling verower.

## HOKKIE

### Maties deel trofee met UPE

DIE Stellenbosser John Black is aangewys as kaptein van die manshokkiespan van die Suid-Afrikaanse Universiteite nadat die toernooi geëindig het. Port Elizabeth se mans en vroue was in altwee afdelings die widders. Die mans deel egter die trofee met Stellenbosch, wat sy deurslaggewende wedstryd teen Natal (Durban) met vyf doeleen een gewen het.

Die mans van Natal (Durban) en die vroue van die Vrystaat was nog die voorlopers in die twee A afdelings na die derde dag se spel. In albei B afdelings was Port Elizabeth in die eerste plek. Stellenbosch se mans het goeie oorwinnings behaal deur die Vrystaat (2—0) en RAU (11—0) te klop. In die vroue-afdeling het Stellenbosch A Kaapstad met 3—1 geklop en later met 6—0 teen Natal (Durban) gewen.



JOHN BLACK

Deurdringende reën het 'n vroeë einde gemaak aan die vierde dag se spel. Drie wedstryde is 20 minute na die begin stopgesit. Later het Stellenbosch se mans 'n verrassing gelewer deur Port Elizabeth, voorloper in Groep B, met 2—0 te klop. Kaapstad het met 0—0 gelijk gespeel teen die Vrystaat en was met 8—0 voor teen RAU toe die kragmeting beëindig is.

In die vroue-afdeling het UPE sy onoorwonne status behou met 'n oorwinning van 3—0 oor Rhodes. Stellenbosch B en Natal (Pietermaritzburg) het met 1—1 gelijk gespeel.

Die damesspan van Stellenbosch het uiteindelik tweede geëindig. Annemarie Meyer en Rennie Rose-Innes, albei Springbokke, is twee van die Maties wat in die SAU-span ingesluit is.

MATIESPANNE het oor die algemeen baie goed gevaa in die verskillende SAU-toernooi wat gedurende die Junievaksie afgehandel is.

Ses Maties is opgeneem in die SAU-rugbyspanne. Kobus Burger, kaptein van die span is die enigste Matie wat in die o/20-span opgeneem is. Sy vyf spanmaats C.B. van Wyk (haker), Fanie Roux (agsteman), Charl de Villiers (skrumskakel), Riaan Gouws (losskakel) en Hans Scriba (heelagter) is in die o/19-span opgeneem.

Die Matiespan was ongelukkig om hul eerste wedstryd teen Natal met 13—12 te verloor. Nietemin is daar, volgens Kobus Burger deurgaans rugby van 'n hoë standaard gespeel.

Die vrouespan van Stellenbosch het verbaasd goed vertoon in die SAU-veldlope. Hulle is met een punt deur die Tukkies om die derde plek geklop. Die manspan het 'n teleurstellende vertoning gelewer en kon slegs vyfde eindig.

Stellenbosch het weer getoon dat hy branderroereers van formaat het deur die branderroei kompetisie op Jeffreysbaai te wen. Van die uitblakers was Quinton Weyers, Henn van Deijl, Wim van Rooyen, Johan Visser en Brian Groom.

Die valsmerkspringers van Stellenbosch het voortgebou op hul goede vertoning vanjaar. Verlede jaar het hulle tweede gekom en vanjaar het hulle die eerste plek met Tuks gedeel. Die Maties het die akkuraatheidseafdeling gewen. Die kaptein, Naudé Visser was die individuele winder in die afdeling.

## Netbalspan klop Tuks – onoorwonne

DIE netbalspan van Universiteit Stellenbosch het die Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooi met gemak gewen. Die Maties het die Tukkies met 23—13 geklop om die toernooi onoorwonne af te sluit.

Die hele Matiespan het proewe gespeel en vyf Maties is opgeneem in die SAU-span wat na die toernooi gekies is.

Die SAU-span is: Beverley Wait (US), Resé Bosch (US) (Kapt), Vanessa Wessels (US), Thelanie du Plessis (UOVS), Tessa Oosthuizen (UOVS), Susan Venter (US) en Carien Ehlers (US). Die reserwes is C. Marais (RAU), R. Venter (UP) en R. Mulder (RAU).

Die eerste wedstryd van



BEVERLEY WAIT EN RESÉ BOSCH

die toernooi was die Maties A-span teen die Ikeys. Stellenbosch het 'n weghol oorwinning van 44—3 behaal.

Daarna het die Maties nie teruggekyk nie en met tellings soos 51—11 teen die sterk span van UOVS was dit duidelik dat nikke hulle sou stuit nie.



**HONDA**  
STUUR NA DIE TOPPUNT

In die bestuursplek van die nuwe Ballade sal jy besef hoe uitstekend 'n kleiner motor kan wees. Skakel ons vandag. Toetsbestuur hierdie hoëgehalte, puik toegeruste motor. Jy sal aangenaam verras wees.

Kenmerke sluit in: Voorwielaandrywing. Volonafhanglike vering. 5-spoed ratkas. 52 kW bonokas allooi-enjin. Staalkoordbande. Elektroniese onderbrekerlose ontsteking. Tweelingvergassers. Teenkantelstaat vooraan. Tandstang-en-kleinratstuur. Servolhulpdubbelbaanskyfremme (voorwiele). Dienstussenposes van 12 000 km. 1-jaar waarborg, onbeperkte mylaftand. Voorsitplekke wat heeltemal terugleun. Getinte vensters. Toereteller. Digitale horlosie. Omvattende waarskuligte. Binnevrystelling van bagasiebakkap en petroldop.

Afstandbeheerde trudeurspieël. Verhitte agterruit. Opcionale ekstras. 3-spoed automatiese transmissie. Lugversorging. Becker-radio/bandspeler.

Nou verkrygbaar by:

**EIKESTAD MOTORS**  
**STELLENBOSCH**

Adamtasweg, Stellenbosch. Tel. 73087.

## INTERKOSHUISRUGBY

# Dagbreek klop H.M. vier spanne gelyk

David van der Westhuyzen

DIE skopvoet van Francois Viljoen was die sleutelfaktor in Dagbreek se oorwinning van 12–4 oor Huis Marais op Vrydag 3 Augustus. Wilgenhof het met 8–8 gelykop gespeel teen Eendrag terwyl Huis Visser met dieselfde telling teen Simonsberg gelykop gespeel het.

Alhoewel Viljoen nie die stelskoppe waargeneem het nie, het die heelagter goeie taktiese en lang skoppe geskop om Dagbreek uit die moeilikheid te haal en Huis Marais onder druk te plaas.

Die slegte weer, 'n noordwestelike wind en reën kon nie die goeie kompetisie van

die spel demp nie. Inveral die eerste helfte was die spel gelyk. Arthur Loft-Eaton en Neil Maritz van Huis Marais het in die lynstane goed vertoon. Dagbreek se agterlyn het goed vertoon in die slegte weer en was ook bereid om te hardloop met die bal wanneer die geleent-

heid daar was. In die tweede helfte, het Dagbreek die wind van agter gehad en het hulle beheer van die wedstryd geneem.

### Aanval

Dagbreek het eerste punte aangegeteken. Na 'n sterk aan-

val in die tiende minuut en 'n losskrumgemaal het Anton Posthumus, agtman, 'n drie gedruk. Charles Mangold het nie met die doelskop geslaag nie. Kort daarna het Huis Marais, met die wind van agter 'n goeie drie gedruk. Die regtervoerleuel, Barry de Wet het na 'n sterk lopie in die hoek gedruk. Ian Jooste, Huis Marais se losskakel kon nie met die doelskop slaag nie.

Huis Marais het hard baklei om die voortou te neem na hul drie. Jooste het 'n mislukte skepskoppoging gehad net voor die eerste helfte geëindig het. Met rustyd was die telling 4–4.

### Oorskadu

Albei spanne het aan die begin van die tweede helfte knaend aangeval. Dagbreek het, nadat hulle geruime tyd in Huis Marais se kwartgebied was, daaroor geslaag om punte aan te teken. Nicky Cilliers, skrumskakel, het die drie gedruk en daarna self gedoen.

Dagbreek het Huis Marais in die tweede helfte oorskadu en die enigste kans wat Huis Marais kon kry om punte aan te teken was 'n mislukte skepskop van Ian Jooste. Cilliers het nog twee punte aangegeteken met 'n strafskop na 'n laattav. Dri het die finale telling op 12–4 te staan gebring.

Dieskeidsregter, dr. Justus Potgieter, het 'n wedstryd, wat in nat weer gespeel is, goed beheer en 'n redelike skoon wedstryd is gespeel.



Die Eendrag voorspelers kyk hulpeloos toe terwyl die Wilgenhof skrum hul skrumskakel, met 'n skoonbal uit 'n losskrum voer.

## Wilgenhof, Eendrag sukkel in nat weer

Charl Coetzee

EENDRAG en Wilgenhof het met tienmanrugby in natomstandighede met agt punte elk gelykop gespeel. Die wedstryd het deel gevorm van die interkoshuiskompetisie en is op Vrydag 3 Augustus te Coetzenburg gespeel.

Dit was 'n harde voorstrelersstryd. Veral Eendrag het met sy voorspelers beindruck. Hulle het stewig geskruim en goeie balle vir Eendrag gewen. Ook in die lynstane het agtman, Jaco van der Merwe, en die slotte, Chris Jacobs en Albertus van Zyl, gesorg dat Eendrag geen balle vir aanval kry.

### Drie

In die nat, winderige toestande het baie balle verlore geraak en goeie samespel is in die agterlyn verhinder. Daarom was die meeste bewegings die gevolg van losballe wat opgepik is en waervandaan individuele pogings geloods is. Veral die vleuels en heelagtters het die kanse benut. Van der Merwe, Eendrag se agtman, het Eendrag se enigste drie gedruk nadat hy deur die Wilgenhofverdediging gebars het. Dougie Bester het die drie verdoel.

### Skopvoet

Dawid Malan het Wilgenhof se enigste punte in die eerste helfte aangegeteken. Hy het met 'n strafskoppoging geslaag. Dit het die rustydelling op 6–2 in die guns van Eendrag te staan gebring.

Spel was baie gelyk in die tweede helfte. Eendrag se voorspelers het goed grond gewen net om teruggestuur te word deur die skopvoet.

van Dawid Malan, losskakel van Wilgenhof. Wilgenhof het die gelykmakende punte halfpad deur die tweede helfte aangegeteken. Roelof Prins het die drie gedruk nadat John Roux goed geslaag het.

Met die telling op ses elk het albei spanne hard probeer om punte aan te teken. Baie skepskoppoggings is deur die losskakels aangedurf en albei spanne het met een poging geslaag.

### Uitslae

Albei spanne het hierna verwoed aangeval, maar die verdediging was rotsvas. Met Eendrag op die aanval het die eindfluitjie geblaas en die wedstryd gelykop geëindig.

Vir Wilgenhof het die twee senters, Roelof Prins en John Roux, goed gespeel. Eendrag se flankes Francois Michau en Etienne Reynecke het stewige spel gelewer.

DIE volledige uitslae van Vrydag se wedstryde is soos volg:

Dagbreek klop Huis Marais 12–4;  
Helschoogte klop Medies 8–6;  
Libertas klop Oude Molen 18–12;  
Elsenburg klop Helderberg 14–2;  
Pieke klop Majuba 12–10;  
Eendrag en Wilgenhof gelykop 8 elk;  
Simonsberg en Huis Visser gelykop 8 elk.



FAFFA KNOETZE, kranige senter van die Maties en Westelike Provinsie, het die kenners die afgelopen tyd in vervoering gehad met sy spel. Hier is Fappa in aksie in sy eerste wedstryd in die Matie-eerstespan. Hy word allerweé beskou as 'n Springbok van die nabye toekoms.



Anton Posthumus druk Dagbreek se eerste drie nadat hy vanaf 'n losskrum by Huis Marais se doellyn deurgebreuk het. Dagbreek het twee drieë teenoor Huis Marais se een drie gedruk.

## Huis Visser verras teen Simonsberg

HUIS VISSER het Vrydag verras deur gelykop te speel teen die sterk span van Simonsberg. Indien Simonsberg se skoppers beter gevaaar het, sou die uitslag anders gelyk het.

Die wedstryd het teen 'n vinnige pas begin. Simonsberg het van die afskop af sterk aangeval, maar kon nie deurkomb nie. Huis Visser het herstel en vir Simonsberg begin vasvat. Geen span het duidelike gebiedsvoordeel in die eerste helfte geniet.

Na omtrent 20 minute het die agterlyn van Simonsberg mooi beweeg. Hendrik Botha, regtervoerleuel van Simonsberg is in die hoek oor vir sy span se eerste drie. Die doelskop was onsuksesvol en Simonsberg het 4–0 voordeel.

'n Vinnige skepdoel deur Erik van der Merwe, Huis Visser se losskakel, het die agterstand na net twee punte laat krimp. Huis Visser het op die aanval gebly en 'n fout tussen senter Wimpie Ferreira en vleuel Jannie Theron van Simonsberg is deur

Henry Horn uitgebuit. Horn het gaan druk en Huis Visser het voorgeloop met ses punte teen vier. Dit was ook die rustydelling.

Simonsberg het aanhoudend aangeval in die tweede helfte en gebiedsvoordeel geniet. Hulle is beloon met

**Hoenders wen**  
dies gaan druk. Die drie is verdoel deur J.C. Kohneg. Albei spanne het hieraftersk aanvalle geloods, maar die verdediging was rotsvas. Die rustydelling was ses – vier ten gunste van Medies.

Die Helschoogtespan het knaend aangeval in die tweede helfte en in die Medies se kwartgebied geboer. Medies se verdediging het tot kort voor die einde gehou, toe 'n voorspeler stormloopelei deur Altman Ahlers op 'n drie vir Helschoogte uitgeloop het. Die drie is gedruk deur agtman Thys Wentzel. Die doelskop was weer mis en Helschoogte het met agt punte teenoor ses gewen.

## SPORTPROFIEL

David van der Westhuyzen

FAFFA KNOETZE beleef op 21-jarige ouderdom 'n meteoriese opkoms in die rugbywêreld. Hy word vergelyk met die beste senters wat Suid-Afrika al verteenwoordig het soos Tjol Lategan. Die senter-kombinasie van Fappa en Michael du Plessis word as net so goed beskou soos die Springbokpaar, Danie Gerber en John Villett.

Fappa kan as 'n volwaardige 'allrounder' beskou word. Sy prestasies op die rugbyveld word in die akademie geëwenaar. Hy het sy B.Comm. graad cum laude geslaag. Die hoogste punt wat hy behaal het was 95% vir Wiskunde. Fappa studeer tans B.Comm. Hons. en wil 'n aktuaris word.

Fappa is ook 'n goeie leier. Hy dien tans op die Huis-komitee van Dagbreek en was verlede jaar onder-kaptein van die Maties o/20 span. Op skool was Fappa gereeld kaptein van verskillende spanne en was in matriek onder-kaptein van die skool se eerste span. Hy het ook op die leerlingraad gedien.

Fappa is in Parow gebore en het in die Tygerbergvallei grootgeword. In 1980 het hy in Tygerberg Hoërskool met 'n A-gemiddeld, waaronder 5 onderskeidings, gematrikuleer. Verskeie sportprestasies is al op skoolvlak behaal. Fappa het vir WP B op



FAFFA KNOETZE

Michael du Plessis is Fappa se held en soos Michael is Fappa se gunsteling posisies senter en losskakel. Die enigste ernstige besering wat Fappa al opgedoen het is, toe

hy sy dyspier verlede jaar geskeur het. Ondanks die besering het Fappa die Dagbreek-beker vir die meesveelsydige persoon gekry.

Vir ontspanning hou Fappa daarvan om met sy vriende te sit en gesels. Daar is geen spesiale dames in sy lewe nie. Fappa geniet dit om namusiek te luister. Daar is nie 'n spesifieke musiekstyl waarvan hy hou nie, maar van jazz hou hy glad nie. Toneelspel geniet Fappa, maar kry ongelukkig baie tyd om daar te spandeer.

Oor die toekoms is Fappa nog onseker. Vir sy nasionale diensplig is hy na Voortrekkerhoogte opgeroep. Of Fappa volgende jaar Weermag gaan verteenwoordig, of vir Maties, terwyl hy vir sy Meestergraad studeer, sal hy nog later besluit. Terwyl hy baie beskeie sy mikpunt in rugby so hoog as moontlik stel, is sy advies aan enige ander sportman: probeer soveel as moontlik van ander spelers leer.